




Matieland

Universiteit van Stellenbosch

Jaargang 17

Nommer 3 Desember 1973





DIE FEDERALE GROEP

Manne met dryfkrag
Middele vir groeikrag
Moontlikhede met trefkrag


Vir
die man
wat
kwaliteit
bo alles
stel

★ ★ ★ ★ ★

Oude Meester
Die Wêreld
se Beste
Brandewyn



OUTD 242A/202



747 verskonings om met ons Minlike Makro te vlieg

No. 118: Vir rugbyvoorspelers.

Sê vir julle afrigter dat julle gaan betoog oor die vliegtuie waarin julle moet reis. Julle het ten minste agt voet skouerruimte nodig.

Groot sitplekke. En die slotte kla dat almal op hulle liddorings trap. Die gange moet groot genoeg wees om in litte los te maak.

Sê vir hom daar's net een vliegtuig wat groot genoeg is – 'n Makro van die Suid-Afrikaanse Lugdiens, en as julle nie met hom kan gaan toer nie, gaan iemand geborsel word.

Ons kies u koers



SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

BOEING 747B

— ONS MINLIKE MAKRO



MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 17 NO. 3 DESEMBER 1973

In Hierdie Uitgawe

Redaksioneel

Die Universiteit Stellenbosch op ander verwante terreine tot u diens, 5

Matieland se nuwe redakteur, 6

Prof. W. Mouton oorbrug rektorat aan U.W.K., 7

Dekane vir 1974, 7

Ons Eer Hul Nagedagtenis, 9

Aanstellings en Bevorderings

Nuwe professore, 10

Medeprofessore, 10

Kursusse

Navorsing in die Departement van Plantsiekteleer, 13

Savlom, 14

Discendo armemus, 15

Akademiese jaar verleng, 19

Uitbreiding

Die D. F. Malan-gedenksentrum, 20

Eerste universiteitsgeboue as nasionale gedenkwaardighede, 21

Lesings en Feeste

N. P. van Wyk Louw-gedenklesing oor toekomskunde, 22

Langenhoven-gedenkaand, 13 Aug. 1973, 24

Hoe ek Langenhoven onthou, 25

Inwyding Langenhoven-sonnewyser, 27

Mej. Goldblatt, 28

Olgo Pieri, beeldhouer van Langenhoven-reliëf, 28

Oud-Maties

Oud-Matienuus uit R.A.U., 30

Saamtrek van Oud-Maties, 32

Beurse en Skenkings, 34

Matielandfonds, 35

Studentebedryghede, 37

VOORBLADFOTO:

Van die wal in die sloot.

Mej. Bonnie Einkamerer in die meulsloot, Pleinstraat.

Die meulsloot is vanjaar as 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar.

(Foto: Johan Stander, Stellenbosch.)

DRUKKERS:

Nasionale Boekdrukkery Beperk, Elsiesrivier, Kaap

Redaksioneel

Die Universiteit Stellenbosch op ander verwante Terreine tot u Diens

'n Universiteit is nie net daar vir die voortsetting van studie deur intelligente, bevoorregte en idealistiese post-matrikulante nie, want omdat 'n universiteit oor hoogs-opgeleide personeel en navorsingsfasiliteite beskik, bied dit ook die geleentheid tot breë openbare diens en dikwels tot spesifieke ondersoeke.

Die Universiteit van Stellenbosch het bv. vier geesteswetenskaplike navorsingsinstitute waarop ons die lig kortliks wil laat val omdat die gewone man nie altyd van hulle bewus is nie. Hulle is die Buro vir Ekonomiese Onderzoek, die Sentrum vir Vervoernavorsing, die Instituut vir Beplanningsnavorsing en die Landbou-ekonomiese Instituut. Hulle opereer op die sosio-ekonomiese gebied en doen beplanningsnavorsing en vooruitskattings.

Elk van dié inrigtings word beheer deur 'n vaste komitee van die Senaat en is ingeskakel by die een of ander akademiese departement en word beman deur deeltydse en voltijdse navorsers wat ook doseerwerk kan doen en as konsultante optree. Hulle hulp is gesog deur persone en firmas uit die openbare en private sektore omdat hulle objektiewe menings wat op wetenskaplike analise gegrond is, kan verskaf aangesien hulle onverbonde institute is.

Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek bestaan reeds sedert 1944 toe dit deur prof. C. G. W. Schumann veral vir konjunkturstudies in die lewe geroep is. Die huidige hoof is mnr. A. J. M. de Vries. Vir 1974 beplan die Buro 'n navorsingsprogram wat moontlik R200 000 kan bedra. Gelukkig dra buite-instansies verreweg die leeuandaal van die koste. Genoemde inrigtings se navorsingswerk het ook vir ons universiteit groot waarde want hulle bied onafgebroke navorsing op 'n vlak wat nie vir vaste doserende personeel moontlik is nie, maar darem tot hulle beskikking is. Hulle skep inderwaarheid navorsingsgeleenthede vir beide dosent en

student op die hoogste vlak en is byderhand op eie werf.

Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek is die enigste Suid-Afrikaanse lid van CIRET, 'n internasionale organisasie van vooruitskatters, en dit geniet ook ander bewyse van internasionale erkenning.

Die Buro lewer verskeie gereelde publikasies waaronder daar vier kwartaallike opnames van saketoestande gedurende elke afgelope kwartaal is, maar die basiese navorsing is meestal gerig op die verbetering van vooruitskattingsmetodiek. Die Buro het hom vanjaar op 'n nuwe terrein begeef, nl. langtermyn toekomstudies. Sien in hierdie verband asb. die lesing van dr. A. E. Rupert oor Toekomskunde in hierdie uitgawe van *Matieland*.

Die Sentrum vir Vervoernavorsing wat onder die Departement Vervoereconomie val, staan onder leiding van mnr. B. C. Floor. Die sentrum het hom sedert sy ontstaan in 1965 toegespits op stedelike en streeksvervoerstudies. Ondersoeke is o.a. in Noordwes-Kaapland, die Overberggebied, Kaapstad-Saldanha, Lesotho en sekere metropolitaanse gebiede gedoen. Vervoerinfrastruktuur soos o.a. padvervoer, voertuigkoste, skeepstaries en lugvervoer word ook bestudeer.

Die Vervoersentrum het onlangs 'n artikel in die tydskrif *Internasionales Verkebrswesen* (Jaargang 25, 1973) gehad oor *Verkehr und wirtschaftsentwicklung in Süd Afrika* waarin 'n foto van Stellenbosch en die universiteitskampus ook verskyn het.

Die Instituut vir Beplanningsnavorsing ressorteer binne die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte (Departement: Stads- en Streeksbeplanning) en staan onder leiding van prof. D. Page. Sedert sy ontstaan in Maart 1973 het dit 'n opdrag aanvaar van die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling wat namens die Ciskeise regering uitgereik is, om 'n ontwikkelingsplan van die Suid-Ciskei op te stel.

Die Landbou-Ekonomiese Instituut is op 14 April 1973 in die lewe geroep en funksioneer onder die Departement Landbou-Ekonomie met prof. W. E. Kassier

as direkteur. Die Instituut onderneem navorsing op landbou-ekonomiese gebied, beywer hom om landbouprodusente in boerderybestuur op te lei en produsente behulpsaam te wees met boerderyrekordstelsels. Die Instituut is tans besig met 'n opdrag van die W.N.N.R. om navorsing te doen t.o.v. soliede afvalverwydering; vir die S.A. Suikernywerheid i.v.m. vervoerkoste en vir 'n koöperasie met 'n ondersoek na die landboupotensiaal van gebiede in Suid- en Oos-Kaapland.

Ook op hierdie terreine probeer die Universiteit van Stellenbosch om in die diens van sy land te staan.

Matieland se Nuwe Redakteur

Vir enige instelling is dit nodig om van tyd tot tyd sy struktuur van onder tot bo te ondersoek om by die nuwe eise van die tyd en eie ontwikkeling *aan te pas*, anders raak dit *uit die pas* met moontlike noodlottige gevolge.

Die Universiteit van Stellenbosch het reeds jare gelede met 'n ontwikkelingskema begin. 'n Departement vir fisiese beplanning is in die lewe geroep en 'n omvattende verslag is gelewer wat as grondslag dien vir verdere ontwikkeling. Dit is reeds voorheen breedvoerig in *Matieland* (Augustus 1972, bl. 26) beskryf.

Op die gebied van akademiese beplanning is ook reeds veel gedoen. Die toespraak van die Rektor voor

die Konvokasie van 1972 het intensiewe lig hierop gewerp. (*Matieland* April 1973, bl. 22.)

Ook word die Administrasie van die Universiteit rasioneel ondersoek om doeltreffendheid te verseker. Die Universiteit se rekenaar het ook reeds besonder baie tot doeltreffendheid en snelheid bygedra.

Die opmerksame leser van *Matieland* weet dat *Matieland* wat uitgegee word vir oud-studente en donateurs, se redakteur die medewerking van die Departement van Ontwikkeling het. Met die reorganisasie is gevoel dat die blad eintlik heeltemal onder die Departement van Ontwikkeling moet ressorteer. Die huidige redakteur neem dus afskeid van sy *Matieland*-lesers want hy is eintlik die persoonlike assistent van die Rektor – en ook dié se kantoor is aan ondersoek en aanbevelings onderhewig!

Die huidige redakteur het geleentheid gehad om presies sewe jaar in hierdie hoedanigheid te gedien het – dalk sewe jaar te lank! Hy bring egter opregte dank aan die Departement van Ontwikkeling vir die nouste samewerking en aan die talloes lesers vir hulle briefies en terloopse opmerkinkies.

Die nuwe redakteur is in persoon aan u reeds goed bekend. U het sy foto al meermale in *Matieland* gesien en soms 'n artikel uit sy pen. Hy is mnr. Louis Wessels van die Departement van Ontwikkeling.

Louis Wessels is op 15 April 1937 op Keetmanshoop (S.W.A.) gebore en het sy skoolloopbaan daar voltooi. In 1958 het hy die graad B.A. aan U.S. verwerf en later, in 1967 die graad B.A.-Honours in Afrikaans-Nederlands verwerf. In 1959 het hy by *Die Burger* as verslaggewer begin en in 1961 vaste lid van die sportredaksie geword. Hy het ook spesiale werk vir *Die Huisgenoot* wat hom in 1970 oorsee gestuur het, gedoen.

By *Die Huisgenoot* het hy deeglike tegniese kennis van tydskrifte opgedoen. Die Memorandum van die Persunie aan die Beeldradio-kommissie is finaal deur hom herskryf. Ook het 'n paar jeugboeke uit sy pen verskyn. Sy belangstelling in die jeug word verder bewys deurdat hy in 1971 veldkornet van die Voortrekkerbeweging in Kaap-sentraal was.

Mnr. Wessels het in die middel van 1971 by die Departement van Ontwikkeling van die Universiteit in diens getree en het in 'n hoë mate die kultuursy van dié Departement behartig. Saam met heelwat publikasies en ook die Langenhoven-fees was hy in 'n hoë mate bedrywig met die Universiteitskoor se toere, waaronder die jongste na Portugal was.

Mnr. Wessels is in 1964 met Ingeborg Everwyn, 'n oud-Matie en gewese vroue-redaktrise van *Die Burger*, getroud. Die egpaar het twee kinders.

Mnr. Louis Wessels



KERSFEES 1973 EN DIE
NUWE JAAR 1974

Mag al die lesers van *Matieland* in hulle harte en hulle familiekringe die opregte vrede en geluk van 'n ge-seënde Kersfees smaak; mag die grote Voorsienigheid vir ons land en sy mense, „Op U almag vas vertrou-end", weer eens 'n voorspoedige jaar skenk.

PROF. MOUTON OORBRUG
REKTORAAT AAN U.W.K.

Prof. Wynand Mouton, dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe aan U.S., is deur die Minister van Kleurlingsake gevra om tydelik in 1974 as rektor van die Universiteit Wes-Kaap op te tree.

Die huidige rektor, prof. C. J. Kriel, het bedank en gaan terug na sy vorige pos te Wellington. In 1975 sal dr. R. E. van der Ross die eerste bruin rektor van U.W.K. wees.


Dit is vir die Universiteit van Stellenbosch 'n eer om prof. Mouton vir die jaar af te staan om die U.W.K. tot verdere selfstandigheid te lei. Mag prof. en mev. Mouton 'n vrugbare en geestelik bevredigende jaar aan U.W.K. ondervind.

DEKANE VAN FAKULTEITE VIR 1974

Lettere en Wysbegeerte	Prof. D. J. Kotzé
Natuurwetenskappe	Prof. W. L. Mouton
Opvoedkunde	Prof. P. S. du Toit
Landbou	Prof. H. A. Louw
Regsgelerdheid	Prof. A. B. de Villiers
Teologie	Prof. D. W. de Villiers
Handel en Administrasie	Prof. D. E. W. Schumann
Ingenieurswese	Prof. J. W. R. de Villiers
Geneeskunde	Prof. A. J. Brink
Bosbou	Prof. P. C. de Villiers
Krygskunde	Prof. (Brig.) P. J. G. de Vos
Tandheelkunde	Prof. F. X. Prins

AFGEVAARDIGDES NA DIE IUFRO-
VERGADERING OP STELLENBOSCH

L.n.r.: Prof. dr. P. C. de Villiers, Fakulteit van Bosbou, U.S.; dr. F. E. Dickinson, Richmond, V.S.A.; dr. H. O. Fleischer, Hoof, Afdeling Bosprodukte van I.U.F.R.O.; Madison, V.S.A.; prof. dr. B. Thunell, Stockholm, Swede; prof. dr. W. F. K. Liese, Hamburg, Duitsland; dr. W. E. Hillis, South Melbourne, Australië; proff. G. Becker, Berlyn, Duitsland; H. von Pechmann, München, Duitsland; G. L. F. Hartwig, Fakulteit van Bosbou, U.S.; W. Knigge, Göttingen, Duitsland.



Aanstellings en bevorderings

Nuwe Professore

DR. J. P. HAYES

Dr. J. P. Hayes is met ingang 1 Julie 1973 van senior lektor tot professor in pluimveekunde aan die fakulteit van Landbou in die plek van die afgetrede prof. C. R. Liebenberg bevorder. Prof. Hayes is 'n oudstudent van die Universiteit van Pretoria.

DR. D. E. E. VITTORINI

Dr. D. E. E. Vittorini, senior lektor in Italiaans aan U.S., is met ingang 1 Januarie 1974 bevorder tot professor in Italiaans.

Hy het sy doktorsgraad in die Romaanse filologie en Italiaanse letterkunde in 1958 aan die Universiteit van Milaan verwerf. Benewens Italiaans (sy moedertaal) en Engels, kan hy Frans en Spaans vlot praat en skryf, terwyl hy Portugees en Roemeens kan lees. Verder het hy 'n goeie praktiese kennis van Russies en Bulgaars.

Dr. Vittorini was voorheen dosent aan die Trinity College in Dublin, Ierland; die Universiteit van Pavia,

Italië; die universiteitskollege van Swansea in Wallis en van Januarie 1971 tot Junie 1972 assistent-professor in Italiaans aan die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles.

Hy is getroud en het drie kinders.

Medeprofessore

Ses senior lektore van U.S. is vanaf 1/1/1974 tot medeprofessore bevorder. Hier volg beknopte besonderhede oor hulle.

DR. D. D. JOUBERT

Dr. Joubert het die grade B.A., M.A., en D.Phil. aan U.S. verwerf en is sedert 1963 senior lektor in Sosio-logie alhier.

MNR. PHILIP MCLACHLAN

Mnr. McLachlan, wat die grade B.Sc., B.Ed. en M.Sc. aan U.S. verwerf het en die LRAM in Londen behaal het, is sedert Julie 1954 senior lektor aan U.S. Hy is sedert 1956 dirigent van die Universiteitskoor Stel-


Prof. J. P. Hayes




Prof. D. E. E. Vittorini




Prof. D. D. Joubert



Prof. Philip McLachlan





*Die gerestoureerde
Bachelors van Wilgen-
hof skuins van voor
gesien.*

Ons eer hul nagedagtenis

EREDOKTOR OORLEDE

Marcus David Banghart, D.Sc. (h.c.) (Stell.), is op 8 September vanjaar sag oorlede te Nababeep in die ouderdom van 73 jaar. Hy was op 'n sakebesoek in Nababeep.

Dr. Banghart was 'n bekende myningenieur, het in 1965 as ondervoorsitter van Newmont Mining Corporation uitgetree en daarna in Kaapstad gaan woon. Ten tye van sy dood was hy nog voorsitter van die Okiep Copper Company en direkteur van die Tsumeb Corporation, Palabora Mining and Highveld Steel.

In 1963 het die Universiteit van Stellenbosch aan hom 'n eregraad toegeken vir sy bydrae tot die finansiële en nywerheidsontwikkeling van Suid-Afrika. Sy eerste universiteitsgraad is aan die Universiteit van Nebraska behaal. Hy word oorleef deur sy vrou Laurena, sy dogter mev. Gayle Abdy en vier seuns, David, Richard, John en Peter.

OUDSTE OUD-MATIE OORLEDE

Mnr. Alexander Stadion is op 4 Februarie 1881 op Vanrhynsdorp gebore. Hy het hom in 1898 reeds as student op Stellenbosch aan die Victoria-kollege ingeskryf en in 1902 die B.A.-graad in die Klassieke Tale behaal. Deur private studie het hy die T2 behaal en daarna onderwys gegee op Riebeeck-Wes, Riebeeck-Kasteel, Piketberg, De Rust en Alexandria waar hy as skoolhoof afgetree het.

„Oom Stadion” was deur dik en dun 'n lojale oud-Matie. Op 21 Augustus vanjaar is hy in Bellville oorlede in die ouderdom van 92 jaar nadat hy ongeveer 34 jaar nog op Stellenbosch gewoon het. So dikwels was sy woorde, nadat eers gegroet is: Laat ek jou eers 'n grappie vertel . . .

STIGTERSLED VAN VROUEVERENIGING

Mev. Magriet Oberholser, weduwee van wyle dr. J. A. S. Oberholser, is aan die einde van Junie oor-

lede. Sy was 'n stigterslid van die Vroue-vereniging van die Universiteit. Voorheen was sy mej. Le Roux wat lektrise in geskiedenis en aardrykskunde aan U.S. van 1915 tot in die vroeë dertigerjare was.

Hettie Smit, skryfster van „Sy Kom met die Sekelmaan”, in die eerste deel van die dertigerjare, is op 12 September te Pretoria in die ouderdom van 65 jaar oorlede. Sy was met mnr. S. J. van Vuuren van Waterkloof, Pretoria, getroud, nadat sy op Prins Albert, Wellington, Bloemfontein en Kimberley onderwys gegee het.

Die roman, in dagboekvorm geskryf, het aangesluit by die belydenispoësie van die Louw-broers van daardie periode.

„5 Aug.: Die reën drup, drup, drup – en hy kom nie!”

Mnr. Eben Louw (44) is op 11 Julie vanjaar in Londen aan breinbloeding oorlede. Mnr. Louw was een van die drie seuns van wyle dr. A. A. Louw wat vroeër hoof van die sendingstasie Morgenster in Rhodesië was. Hy het die B.A., LL.B.-grade aan U.S. behaal. Hy was die hoofsekretaris van die Wetsgenootskap en ook die blad *De Rebus Procuraris* geredigeer. Hy word oorleef deur sy vrou en drie kinders.

Mev. Ettie Brümmer, eggenote van wyle prof. N. J. Brümmer, in lewe professor in Filosofie aan U.S., is op 2 Oktober vanjaar in die ouderdom van 81 jaar te Worcester oorlede.

Die twintigjarige mnr. *W. A. Joubert*, enigste seun van prof. W. A. Joubert van Pretoria, en die negentienjarige mnr. *Peter Hough*, seun van die hoof van Total (S.A.), Johannesburg, is op 29 Julie op slag gedood toe die motor waarin hulle gereis het op 'n kort draai in die Helshoogtepas omgeslaan en teen 'n boom gebots het.

Mnr. Joubert was 'n tweedejaar regstudent en mnr. Hough 'n eerstejaar in liggaamlike opvoeding.

lenbosch, en het verlede jaar die erepenning vir musiek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verwerf.

DR. D. F. SCHNEIDER

Dr. Schneider, wat 'n oud-student van U.S. is en die graad D.Sc. in 1962 verwerf het, is sedert 1966 senior lektor in organiese chemie aan U.S. Hy was vanjaar oorsee vir verdere studie met 'n beurs van die W.N.N.R.

DR. J. THERON

Dr. Theron, wat in 1958 as senior lektor aan U.S. aangestel is, het die grade B.Sc. en M.Sc. alhier behaal en die graad Ph.D. aan die Universiteit van Londen. Hy is een van die voorste gesaghebbendes op die gebied van insek-morfologie in Suid-Afrika en sy navorsing geniet wye internasionale erkenning.

MNR. J. B. THOMPSON

Mnr. Thompson, wat vanjaar sy studie vir die graad D.Litt. aan U.S. voltooi het, het die graad M.A. in 1966 met onderskeiding aan U.S. behaal. Hy is sedert 1966 senior lektor in Engels. Hy het die grade B.A. en Hons. B.A. albei met onderskeiding aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) verwerf.

DR. A. VAN LAAR

Dr. Van Laar, sedert 1961 senior lektor in Boskunde aan U.S., het die graad D.Sc. in 1960 aan U.S. verwerf. Hy het ook in Februarie vanjaar 'n doktoraat in die algemene ekonomie (summa cum laude) aan

die Universiteit van München behaal en is pas terug van 'n oorsese studiereis, waartydens hy referate gelewer het aan die Universiteit van München, Freiburg, Oxford en Nancy (Frankryk).

UNIVERSITEITSARGITEK

Die toenemende behoefte aan die Universiteit van Stellenbosch om behoorlike beheer oor beplanning en die uitvoering van bouprojekte te hê, het daartoe gelei dat 'n argitek in die Beplanningsafdeling van die Universiteit aangestel is.

In hierdie pos is aangestel mnr. J. G. Gleave wat in 1970 uit Brittanje na Suid-Afrika gekom het. Hy was, as hoof van die Beplanningsgroep van 'n bekende argiteksfirma in Kaapstad, konsultant vir die Universiteit van Stellenbosch se ontwikkelingsplan. Mnr. Gleave, wat met ingang 1 Junie vanjaar aangestel is as hoof-universiteitsargitek, was van 1964 tot 1970 hoof-argitek en Ontwikkelingsdirekteur van twee Britse universiteite.

DR. P. J. D. DU TOIT

Dr. P. J. D. du Toit is aangestel as senior navorsings-beampte by die Buro vir Ekonomiese Onderzoek aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy het die grade B.Sc. Agric., B.Sc. Hons. en M.Sc. Agric. (cum laude) aan die Universiteit van Pretoria verwerf, en die graad D.Sc. Agric. in 1972 aan U.O.V.S.


ANDER AANSTELLINGS

Mnr. P. W. van der Walt is bevorder tot senior lektor in elektroniese ingenieurswese.

Prof. J. Theron



Prof. J. B. Thompson




Prof. A. van Laar



Mnr. John Gleave





Dr. P. J. D. du Toit




Dr. C. Chappell


Dr. C. Chappell is aangestel as senior lektor in ortodonsie (Tandheelkunde) en as waarnemende hoof van dié departement.

Dr. P. G. W. Johnson is aangestel as senior lektor in prostetik (Tandheelkunde). Hy was tevore dosent aan die Universiteit Pretoria.

Dr. J. J. de V. Joubert wat tien jaar lank tandarts in die Weermag was, met bevel oor die tandheelkundige afdeling van Voortrekkerhoogte, is vanaf 1 Julie 1973 as senior lektor in mondchirurgie (Tandheelkunde) aangestel.



Dr. J. J. de V. Joubert




Dr. P. G. W. Johnson

Mnr. D. G. Poggenpoel, M.Sc. Landbou (U.S.), vooreen navorsingsbeampste in pluimveekunde is aan U.S. as senior lektor in pluimveekunde aangestel.

Dr. J. J. A. van der Walt is bevorder tot senior lektor in Botanie.

Mnr. A. Kritzing is bevorder tot lektor in bedryfs-
ekonomie.



Mnr. D. G. Poggenpoel

Mnr. Willem Andries Burger (8/5/1896 – 9/12/1972), gebore in die distrik Porterville, het aan die Victoria-Kollege die B.A., O.I. behaal en onderwys gaan gee op Hopetown en Clanwilliam. In 1924 het hy op 27-jarige leeftyd hoof van die destydse laerskool op Kenhardt geword, welke skool deur moeilike jare van depressie en droogtes tot 'n hoërskool gegroei het.

Hy het die belange van kind, kerk en boer op die hart gedra en op allerlei wyses gedien. Uit eie sak het hy honderde boeke vir leerlinge aangekoop en as 'n boekbank in die skool gehou. Van hom sê 'n ou vriend :

„Wer seiner Zeit genug getan
der hat gelebt für alle Zeiten”.

Kursusse

Navorsing in die Departement van Plantsiekteleer

Die Departement van Plantsiekteleer is in 1921 gestig, en in daardie stadium was dit die enigste van sy soort in die Britse Koninkryk. Wyle prof. P. A. van der Byl, die eerste hoof van die nuwe departement, was 'n navorser van formaat en kan met reg as die grondlegger van swam- en plantsiektekundige navorsing op universiteitsvlak in Suid-Afrika beskou word.


'n Aantal van sy studente het later sleutelposisies in die samelewing beklee. Hieronder tel o.a. prof. S. J. du Plessis, voormalige hoof van hierdie departement en tans beleidsadviseur van die Ministerie van Landbou en lid van die Eerste Minister se Beplanningsadviesraad, prof. B. J. Dippenaar, eerste hoof van die Departement van Plantsiektekunde en Mikrobiologie aan die Universiteit van Pretoria en prof. Susarah J. Truter van die Departement van Plantpatologie en Mikrobiologie aan die Universiteit van Natal.

ALGEMENE NAVORSINGSAKTIWITEITE


Omdat Stellenbosch in die winterreënvalgebied geleë is, is die departement in 'n besondere posisie om siekte-toestande wat eie aan hierdie klimaatstoestande is, te ondersoek.

Swamme en kankerselle: Navorsing word egter nie beperk tot siektes wat net hier voorkom nie. Sekere basiese siekteverskynsels word ook ondersoek en dit geniet wêreldwye erkenning. Dit is bv. deur prof. P. S.

PLANTINFEKSIE: Swamspore beland op blare en ontkiem. Suigorgane word aan die punte van die kiembuis gevorm en vanaf hierdie suigorgane word die plantweefsel deur 'n dun infeksiebuis ingedring. Die foto toon die kiembuis, suigorgaan, dun infeksiebuis en die reaksie van die plantselle om die infeksiebuis (vergroting 800X).



Wyle Prof. P. A. van der Byl



Knox-Davies, huidige hoof van die departement, gevind dat laboratoriumkulture van sekere swamme groot variasies in hul chromosoomgetalle toon. Vergelykings is dus getref tussen swamme in kultuur en kankselle wat „onsterflikheid” in die laboratorium toon.

Swamme as plantwortels: Dr. M. J. Hattingh, senior lektor in die departement, is tans besig met 'n studie van swamme wat binne en om plantwortels groei en 'n voordelige rol vervul deur voedingstowwe op te neem en aan die plant beskikbaar te stel. Dr. Hattingh het in Julie, na 'n studietydperk van 'n jaar, uit die V.S.A. teruggekeer waar hy gespesialiseerde werk aan die Universiteit van Illinois met hierdie swamme gedoen het. Met behulp van radio-isotope is bewys dat die swamdrade plante in staat stel om fosfaat baie doeltreffend vanuit 'n groot massa grond te bekom. Deur grond met hierdie organismes te inokuleer het dr. Hattingh die nadelige uitwerking van onoordeelkundige grondberoking uitgeskakel. Hierdie werk het dus 'n baie belangrike toepassing in die landbou.

Silwerboom- en proteasiektes: Die skielike afsterwing van silwerbome is 'n bekende verskynsel in die Wes-Kaap. Mnr. P. S. van Wyk, lektor in die departement het onlangs bewys dat hierdie siekte deur die swam *Phytophthora cinnamomi* veroorsaak word. 'n Belangrike bevinding was ook dat sekere proteas 'n chemiese stof in hul bas bevat wat verhoed dat die swam hierdie soorte aanval. Mnr. van Wyk onderneem ook 'n omvattende studie van die bogronse siektes van proteas, wat die markwaarde van die blomme verlaag. 'n Aanduiding van die belang van hierdie werk is die feit dat proteas die republiek jaarliks nagenoeg 'n miljoen rand aan buitelandse valuta besorg.

NAVORSING-NAGRAADSE STUDENTE

Die meeste nagraadse studente in Plantsiekteleer is beamptes van die Departement van Landbou-tegniese Dienste wat na Stellenbosch vir verdere studie gestuur word. Hul navorsingswerk weerspieël dus die aktuele probleme wat in die landboubedryf ondervind word.

Donsskimmel van wingerd: Na die onlangse epidemiese ontwikkeling van donsskimmel in Wes-Kaapland het mnr. P. G. Marais gegewens oor die voorkoms van die siekte ingewin, plaaslike weerkundige data ontleed en die oorlewing van die veroorsakende swam ondersoek. Aan die hand hiervan kon hy die „gevaar” en „veilige” gebiede in die wingerdverbouende distrikte omskryf en baie meer doelgerigte siektebestry-

dingsmaatreëls aanbeveel. Hierdie werk hou dus beliste en verreikende implikasies vir die wynbedryf in.

Saaiboerdery: Die belange van die saaiboer word ook deur die Departement van Plantsiekteleer behartig. Onlangs het mnr. J. N. W. de Jager 'n deeglike studie van die evaluering van koringteelmateriaal teen swamroes gemaak, terwyl mnr. A. B. van Jaarsveld die lupien-skroesiekteswam ondersoek het. Dié swam bevat 'n verbinding wat die sg. „lupinose”-vergiftiging by skape veroorsaak. In Oktober 1969 het dit die dood van meer as 800 skape op een plaas naby Hermon veroorsaak. As gevolg van mnr. Van Jaarsveld se werk is nuwe inligting oor die siekte ingewin en kan die voorkoms van „lupinose”-vergiftiging by skape nou tot 'n groot mate voorspel word.

Die uie-bolverrottingsprobleem wat dikwels in die Caledon-omgewing voorkom, word tans deur mnr. J. Holz ondersoek. Hierdie studie is in 'n gevorderde stadium en spesifieke bestrydingsmaatreëls kan reeds aanbeveel word.

Ander Navorsingswerk: Hieronder ressorteer die saadoordraging van plantpatogene (mnr. M. A. Holtzhausen) en die fisiologie van blaarval na *Alternaria*-infeksie van granadilla (mnr. J. H. S. Ferreira).

In samewerking met die Departement Mikrobiologie en Virologie en beamptes van die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming word aan sekere virussiektes ook aandag gegee bv. wingerdvirussiektes (mnr. D. J. Engelbrecht), entoondraagbare virusse van kernvrugte (mnr. P. J. Meyer) en kersievirussiektes (mnr. V. Z. Siebert).

DIE TOEKOMS

Dit kan verwag word dat die bevolkingsontploffing groter eise aan plantpatoloë sal stel. Voedseltekorte kom alreeds algemeen in baie wêrelddele voor en wetenskaplikes sal dus al hul kragte moet aanwend om oesverliese wat deur siektes teweeggebring word, drasties te verminder. *Dept. Plantsiekteleer, U.S.*

Savlom

Die oliemaatskappy, Mobil-Olie S.A., het onlangs 'n bedrag van R1 500 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk vir aanwending vir die stigtingskonferensie van die S.A. Vereniging vir Leer- en Opvoedingsmoelikhede. Die konferensie het op 21 September 'n aanvang in die G. G. Cillié-gebou geneem.



Op die foto word die tjek aan mnr. A. J. Esterhuysen, Adjunk-direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit, oorhandig. V.l.n.r.: Prof. G. Stander, voorsitter van die S.A.V.L.O.M. en hoof van die departement van Opvoedkundige Sielkunde; mnr. G. N. Serrunier, direkteur van Openbare Betrekkinge van Mobil-Olie; mnr. A. J. Esterhuysen en mnr. A. Mosley, assistent-direkteur van Mobil-Olie.

Die vereniging is primêr ingestel op die bevordering van hulp aan die kind met normale intellektuele potensiaal, maar wat weens gemanifesteerde leer- en opvoedingsmoeilikhede spesiale opvoedkundige, onderwyskundige, sielkundige, maatskaplike, mediese of para-mediese hulp moet kry. Die vereniging staan bekend as die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Leer- en Opvoedingsmoeilikhede (S.A.V.L.O.M.).

Die hoof-eregas by die kongres was mnr. Tony Factor, 34-jarige Suid-Afrikaanse miljoenêr van Johannesburg, wat die skool verlaat het toe hy nog in standerd sewe was en as kind weens disleksie nooit behoorlik kon leer lees en skryf het nie. Mnr. Factor het nou 'n fonds gestig om onderwysgeriewe vir die leergestremde kind te bevorder. Die doelwit is om R3-miljoen vir die fonds in te samel.

AGT STELLENBOSSE PROFESSORE
OP WINDHOEK

An den Rektor,
der Universität Stellenbosch
STELLENBOSCH.

Betrifft: Volkshochschulkurse in Windhoek

Sehr geehrter Herr Rektor!

Die Volkshochschulkurse, Vorlesungen und Vorträge in Windhoek sind zu Ende gegangen. Meine

ganze Familie hat regen Anteil daran genommen, was Ihre Professoren aus Stellenbosch uns geboten haben!

Wir haben gerade die Universität Stellenbosch in der Vergangenheit immer nach bestem Vermögen unterstützt und wollen es auch in Zukunft so halten.

Wir sind Ihnen dankbar, dass Sie die Verbindung zu uns in Südwest so rege aufrechterhalten! So dürfen wir auch die Hoffnung aussprechen, dass Sie die Winterschule Jahr für Jahr weiterführen werden. Ich war manchmal enttäuscht, wie klein zeitweise die Zuhörerschaft war, aber ich glaube, dass das Interesse mit der Zeit doch zunehmen wird und Sie nicht auch enttäuscht zu sein brauchen. Wir jedenfalls sind alle mit Begeisterung den Vorlesungen und Vorträgen gefolgt!

Da wir in allen drei Landessprachen angesprochen wurden, darf ich mir sicher erlauben in meiner Muttersprache zu antworten, obwohl wir auch englisch und afrikaans beherrschen.

Nochmals herzlichen Dank, auch im Namen meiner ganzen Familie an Sie und Ihre Mitarbeiter.

Mit freundlichen Grüßen,

Ihr,

(w.g.) Dieter Voigts

Windhoek,

19 Juni 1973.

Discendo Armemus

Tydens die jaarlikse voorstellingsparade van die Militêre Akademie op 28 September, het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. J. N. de Villiers, die 41 Kandidaatoffisiere wat hulle studies voltooi het, hartlik verwelkom tot die groot gesin van Alumni van die Universiteit van Stellenbosch. Dit is met trots dat hulle ook nou kan deel hê aan die tradisies wat reeds as grondslag gelê is vir die SAW, deur die Militêre Akademie se personeel en staf deur die jare.

Die hoë eise wat aan hulle gestel gaan word, sal hulle alleen kan weerstaan deur te hou by wat van 'n offisier ver wag word, nl. eerbaarheid, standvastigheid, verdraagsaamheid, deursettingsvermoë, motivering, verbeeldingskrag en liefde vir wat sy eie is. Maar die eintlike bron van sukses lê egter ook in die leier se kennis en die gebruik daarvan in hierdie wetenskaplike eeu. Selfs Napoleon het dit besef:

„The important actions of a great general are not the results of change or destiny; they arise always from planning, and from genius.”

Afgesien van hierdie 41 Kandidaatoffisiere was daar ook 89 Kandidaatoffisiere wat hulle vormingsopleiding voltooi het, van wie 34 hul Aktes van kom-





Kaapse Departement van Onderwys en die Universiteit van Stellenbosch ingestel en is bedoel om onderwysers vinnig op te lei vir beter bekwaliging in vakke waarvan op skool dringende behoefte bestaan. Verdere kursusse word beplan en onderwysers sal daaromtrent ingelig word.

BESOEKENDE PROFESSOR-VRIEND VAN S.A.


Prof. Richard F. Logan van die Universiteit van Kalifornië, V.S.A. het as uitruilprofessor 'n stewige reeks lesings in die departement Aardrykskunde gedurende Julie vanjaar gelewer.

Prof. Logan is 'n deeglike kenner van Suidwes en het ten gunste van S.A. in die Wêreldhof te Den Haag getuig. Sy een dogter woon in Anchorage, Alaska, en die ander een is met 'n boer naby Windhoek getroud! Onder Afrikaners wat hom goed ken, word hy „Oom Dick” genoem.

B.A. MAATSKAPLIK: MAART 1973

Altesaam 58 tweedejaar-studente in Maatskaplike werk het in Maart vanjaar tydens 'n plegtigheid in die Van der Sterr-saal plegtige verklarings i.v.m. hulle werk afgelê. Dit is 'n rekordgetal.

Prof. Richard Logan





BEURS IN MAATSKAPLIKE WERK

Mej. Una van Rooyen, honneursstudent in geneeskundige maatskaplike werk, het vanjaar die Edrich-beurs ontvang wat reeds meer as tien jaar lank toegeken word. Hier is mej. Van Rooyen afgeneem saam met mnr. Hennie Lubbe van Edrich.

Akademiejaar verleng

INDELING VAN DIE AKADEMIESE JAAR 1974:

Voorlopig is vir 1974 die volgende wysigings in die geyskte akademiese program goedgekeur:

- (i) Verskuiwing van „predikatedag” van die gebruiklike Vrydag (18 Oktober) na die daaropvolgende Woensdag (23 Oktober).
- (ii) Verskuiwing van die diploma- en gradeplegtig-

hede van die gebruiklike Woensdag, Donderdag en Vrydag (4, 5 en 6 Desember) na die daaropvolgende Maandag, Dinsdag en Woensdag (9, 10 en 11 Desember).

Hierdie verskuiwings sal o.a. meebring dat die akademiese jaar 1974 met drie dae verleng word en dat die tydperk vir die behandeling van die eksamenuitslae van finalejaarstudente met twee dae verleng word.

EERSTE SEMESTER

Aanvang van klasse (uitgesonderd klasse vir sekere kursusse); Formele ope- ning	Maandag, 18 Februarie
Grade en diplomaplegtig- heid (Maart)	Vrydag, 8 Maart
Einde van eerste kwartaal	Vrydag, 29 Maart
Hervatting van voorlesings, tweede kwartaal	Maandag, 8 April
Goeie Vrydag	Vrydag, 12 April
Paasmaandag	Maandag, 15 April
Hemelvaartdag	Donderdag, 23 Mei
Republiekdag	Vrydag, 31 Mei
Einde van eerste semester	Vrydag, 14 Junie

TWEEDE SEMESTER

Aanvang van klasse, twee- de semester	Maandag, 15 Julie
Setlaarsdag	Maandag, 2 September
Einde van derde kwartaal	Vrydag, 27 September
Hervatting van voorlesings, vierde kwartaal	Maandag, 7 Oktober
Krugerdag	Donderdag, 10 Oktober
Klasse sluit (uitgesonderd sekere kursusse); laaste dag vir inlewering van klassyfers	Woensdag, 23 Oktober
Grade- en diplomaplegtig- hede	Maandag, 9 Desember tot Woensdag, 11 De- seMBER
Einde van die akademiese jaar	Woensdag, 11 Desember

Uitbreiding

Die D. F. Malan-Gedenksentrum

Op 23 Julie 1973 is die kontrak vir die bou van die D. F. Malan-gedenksentrum onderteken. Die gebou sal teen 'n koste van heelwat meer as R500 000 opgerig word wanneer die terrein, parkeerplek en ander dienste wat die Universiteit nog moet voorsien, ook bereken word.

Die gebou word opgerig net ten noorde van die gebou vir Liggaamsopvoeding op Coetzenburg. Uiteindelik sal die tweede rugbyveld voor die pawiljoen as parkeerplek gebruik moet word. Die oprit na die gebou sal dan van die Eersterivier af suidwaarts oor die B-veld wees. (Nuwe planne vir die rugby word oorweeg.)

'n Gedeelte van die gebou is ondergronds om dit laer te laat uitstaan en daarby is dit só geplaas dat dit nie die uitsig op die pieke vanaf die pawiljoen sal skend nie. Toetse is vooraf gedoen om dit te verseker.

Hierdie sentrum sal 'n ware lewende monument wees vir die oud-premier, oud-N.P.-leier en oud-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, want dit sal deur duisende studente en lede van die publiek gebruik word.

Jeugsaamtrekke, groot vierings van nasionale aard, reusevergaderings en kongresse sal gehuisves kan word want die hoofsaal sal 1 400 vaste sitplekke teen

DIE BOUKONTRAK WORD ONDERTEKEN

Die kontrak vir die bou van die D. F. Malan-gedenksentrum op Stellenbosch is op Maandag, 23 Julie 1973 in die kantoor van die Rektor onderteken. L.n.r., Voor: Mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel U.S.), prof. J. N. de Villiers (Rektor U.S.) en mev. Maria Malan (weduwee van dr. D. F. Malan). Agter: Mnre. J. J. Oosthuysen (sekretaris van die Aksiekomitee), Hennie Smit, L.V. (sekretaris van die Trustees van die D. F. Malan-monumentfonds), P. J. Lombard (voorsitter van die Aksiekomitee), Nic Meyer (argitek) en J. A. Louw (bou-aannemer). Mev. Malan (geb. Maria Louw) is op 25 April 1905 op die plaas Oorlogskloof naby Nieuwoudtville, Calvinia, gebore. Sy is op 20 Desember 1937 met wyle dr. D. F. Malan getroud. Na 'n hartaanval is sy op die aand van 19 Oktober te Stellenbosch oorlede.



drie mure en nog 200 teen die ander muur vir gradeplegtighede bevat. Op die vloer sal nog 1 600 stoele geplaas kan word.

Die gedenksaal waarin o.a. 'n mooi borsbeeld van dr. Malan geplaas sal word, sal vir deftige geleenthede waar nie meer as 200 persone by betrokke is nie, gebruik word. Dit vorm die voorste deel van die gebou. Die hoop bestaan dat die gebou op 22 Mei 1974 wanneer dit die honderdste herdenking van dr. Malan se geboortedag sal wees, ingewy kan word. Die boumeester, mnr. J. A. Louw, en die argitek, mnr. Nic Meyer, doen hulle bes om dié mikpunt te verwesenlik.

Die Nasionale Party het R400 000 vir die doel van 'n monument vir dr. Malan ingesamel. Die Voorsitter van die Trustees van die D. F. Malan-monumentfonds is dr. Paul Sauer en die sekretaris is mnr. Hennie Smit, L.V. Die Universiteit dra R100 000 in kontant by en verskaf die terrein, asook die toekomstige onderhoud vir die gebou en die lewering van al die dienste.

Die groot saal waarvan die vloer so groot is dat twee tennisbane daarop uitgemeet kan word, sal 'n permanente kunsvloer hê waarop alle soorte sport beoefen kan word. Die saal kan in vier dele onderverdeel word d.m.v. netgordyne wat van die dak hang om meer kleiner sportsoorte gelyktydig te behartig.

Interessant is dat die geweldige saal 'n dak het wat 'n spesiaal gepatenteerde staalkonstruksie het wat in Suid-Afrika ontwikkel is. Dit oorspan die saal met kolomme op die vier hoeke. Wat gehang moet word, kom aan die mure of hang van die dak. Die vloer is volkome vry. Die plafon word akoesties behandel en selfs vir televisie word voorsiening gemaak. Die departement Liggaamlike Opvoeding sal intensief van die gebou gebruik maak.

Die normale beheer oor die aktiwiteite binne die gebou sal by die Universiteit berus, maar 'n spesiale beheerliggaam waarin die Nasionale Party ook verteenwoordig sal wees, sal seggenskap hê wanneer buite-instansies die gebou wil gebruik.

GROOT EN RUIMHARTIGE GESKENK

Op Maandag, 11 Junie 1973, het die Trustees in teenwoordigheid van die lede van die Aksiekomitee, op 'n vergadering gehou in die kantoor van min. P. W. Botha besluit om die gebou aan die Universiteit van Stellenbosch oor te dra en om die nodige fondse vir die oprigting van die gebou van tyd tot tyd te voorsien, soos benodig. Mnr. Wouter Kritzinger is die penningmeester.

Waar die akademiese jaar van die Universiteit van Stellenbosch oor die volle periode van die Bolandse

winter strek, is so 'n gebou van onskatbare waarde vir die studente wat dit daaglikks ongeveer 15 uur sal gebruik. Gedurende die somer wanneer die parlement sit, sal die gebou hom deeglik leen vir groot volksaantrekkings.

Die praktiese werk en toesig vir die ontwerp en oprigting van die gebou word behartig deur die Aksiekomitee wat deur die Trustees aangestel is en gereeld aan die Trustees rapporteer.

Eerste Universiteitsgeboue as Nasionale Gedenkwaardighede

Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het besluit om die Kunsmuseum (die ou Luthers-Evangeliese Kerk wat 'n paar jaar gelede deur dr. Anton Rupert gekoop en aan die Universiteit geskenk is) vanaf 24 Augustus vanjaar, en die Ou Hoofgebou van die Universiteit vanaf 31 Augustus 1973 tot nasionale gedenkwaardighede te verklaar.

Die vroeëre geboue waarin die era van hoër onderwys op Stellenbosch begin het, t.w. die gebou van die Stellenbosse Gymnasium (1866) in Dorpsstraat en die huidige plaaslike polisiekantoor waarin die Gymnasium later gehuisves is, is reeds as nasionale gedenkwaardighede verklaar.

Die Ou Hoofgebou is op 6 November 1886 ingewy, maar die noordelike vleuel is reeds in 1883 vir natuurwetenskappe in gebruik geneem. Die argitek was Carl Otto Hager wat op Stellenbosch woonagtig was. Mnr. William Low was die boumeester. Die gebou met meublement het £10 560 (R21 120) gekos. Hiervan was £3 000 'n vrye gif van die Staat; £3 000 is deur die Staat op £-vir-£-basis geleen; die dames van Stellenbosch het £1 200 ingesamel en die res het uit private bronne gekom.

Die Ou Hoofgebou is in 1964 opgeknep en vergroot. Die syvleuels is met ongeveer een derde verleng en met 'n oostelike dwarsvleuel verbind sodat 'n binnehof gevorm is. Die gebou is in die Griekse styl (neo-klassiek) gebou.

Prof. Dirk Kotzé (Geskiedenis) wys daarop dat die hoeksteen nêrens te sien is nie. Dit was van swart Paarlgraniet en is geskenk deur die Tafelbaaise Hawekommissie. Binne in is (of was) 'n kisse met lood oordek waarin 'n perkament met allerlei belangrike Stellenbosse name daarop gebêre was. Kan iemand 'n aanduiding gee van waar die hoeksteen is, of was?

Die Lutherse Kerk is ook deur Carl Otto Hager ontwerp en is op 28 November 1854 amptelik in gebruik geneem.

Lesings en feeste

N. P. van Wyk Louw-Gedenklesing oor toekomskunde

DR. A. E. RUPERT

Op uitnodiging van die Studenteraad van U.S. het dr. Anton Rupert op 23 Augustus vanjaar die eerste N. P. van Wyk Louw-gedenklesing in die G. G. Cillié-saal gehou. Die gehoor wat wou luister na 'n lesing oor Toekomskunde het van afgetrede grysaards tot eerstejaars bestaan, want ook diegene wie se hede nog maar min dae oor het, was met rypheid geïnteresseerd in die beplanning vir die toekoms – jeugdiges van gees soos oud-professor C. G. W. Schumann, 'n stigterslid van die Toekomskundekomitee op Stellenbosch.

Dr. Rupert het Van Wyk Louw nie net bestempel as een van die grootste Germaanse digters nie, maar ook as 'n profeet van die Afrikanerdom. Hy het uit die voorwoord van *Lojale Verset* (1939) deur Louw aangehaal: „Opstand is net so noodsaaklik vir 'n volk as getrouheid. Dit is nie eers gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarliker is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan.”

Toekomskunde

Voorts het dr. Rupert gesê dat as daar ooit 'n man was wat nie net één maal nie, maar herhaaldelik die breuk tussen die een generasie en die ander kon oorbrug, was dit Van Wyk Louw.

In dié kringe waar daar erns bestaan oor moontlike toekomstige verwikkelinge; in daardie kringe met 'n toekomsgeïnteresseerdheid wat gekenmerk word nie deur toekomsafwagting nie, maar deur toekomsbeplanning, is Toekomskunde reeds welbekend. Vandag behoort 'n realistiese toekomsbeeld die strewe te wees van elke persoon wat die verantwoordelikheid vir die voortbestaan van die land, 'n onderneming of 'n gesin moet dra.

Toekomsskok

Min van ons het 'n idee van wat die toekoms vir ons inhou, en wanneer skielike veranderinge om ons plaasvind, doen ons toekomsskok op – daardie verdwaasde reaksie op omstandighede wat ons nooit of moontlik nie nou reeds verwag het nie. Dit kan vermy word deur ons op toekomsdenke toe te spits en in eie kring 'n toekomskultuur te ontwikkel. Dit vereis nie net historiese perspektief nie, maar ook toekomstige perspektief. Toekomsbeelde sal net so belangrik moet word as geskiedkundige herinneringe.

Suid-Afrika in sy toekomstige rol

Verlede jaar het die „Massachusetts Institute of Science and Technology” in hulle boek *The Limits of Growth* sekere voorspellings gemaak. 'n Paar daarvan kom neer op 'n wêreldskaarste aan benutbare grond voor die jaar 2 000; 'n akute tekort aan natuurlike hulpbronne soos silwer, kwik, tin en sink binne die volgende 13 tot 18 jaar – en goud moontlik nog vroeër; 'n akute tekort aan lood, koper en aluminium twee tot drie dekades van nou af.

Hier tree die belangrikheid van Suid-Afrika in met 75% van die wêreld se chroomreserwes, 40% van die goudreserwes, 38% van die mangaanreserwes en 47% van die platinareserwes. Wanneer dit by Suid-Afrika kom, sal ons nie ons toekoms kan sien as los van die wêreld nie. Suid-Afrika is maar 'n sub-sisteem van die wêreldstelsel. Ons moet egter nie blindweg aansluit by die huidige wêrelddenke nie. Ons moet daarvan kennis neem, maar ons toekomskultuur moet ons eie wees – gebaseer op eie denke vir ons eie toekoms.

Taak van ons Universiteite

Ons eie universiteite het die saak om die intellektuele dimensie van die toekomskunde as vakgebied te ontsluit – om denke omtrent die toekoms op 'n rasionele

en geordende wyse te stimuleer, om toekomsneigings na te vors en om die implikasies van toekomstige verwickelinge te stel.

Oor die Toekomskunde as 'n wetenskap het dr. Rupert 'n oop gemoed, maar oor die toekomskunde as 'n noodsaaklike by-element in die opleiding van professionele mense en wetenskaplikes het hy nie die minste bedenkinge nie – veral vir ingenieurs, argitekte, stadsbeplanners, medici, sakelui en regspraktisyns. Veral sou dit 'n netjiese aanvulling wees vir die sielkunde, chemie, fisika, sosiologie, aardrykskunde, geskiedenis en teologie.

Scenario's

Spreker het 'n paar prente geskilder met o.m. die volgende gedagtes :

'n Leidende Amerikaanse sakeman het verlede jaar aan hom gesê dat hy in Amerika disinvesteer en in Brasilië belê omdat die Amerikaanse leër oor 10 jaar vir 70% uit Negers sal bestaan en hy „Black Power” vrees.

In verband met Pretoria het hy gesê dat daar vandag binne vyftien tot vyf-en-twintig kilometer radius 'n yslike plakkersprobleem met 'n paar honderdduisend Bantoes sonder voldoende geriewe bestaan en dat die hoofstad 'n grensgebied geword het.

Ewe so het Stellenbosch sy eie plakkersprobleem met 15 000 mense in 34 plakkerskampe in die omgewing.

Ons eie geskiedenis loop oor die laaste eeu deur die Eerste Vryheidsoorlog, die Anglo-Boere Oorlog, die Rebelle, die Eerste Wêreldoorlog, die groot depressie en die Tweede Wêreldoorlog, maar tans het ons vir die eerste keer die toestand dat Afrikaners onder 30

jaar as 'n groep geen benul het van stryd, nood of armoede nie.

'n Aanloopstudie

Prof. Rias van Wyk van die Departement van Bedryfseksonomie van U.S. is deur die Buro vir Ekonomiese Onderzoek van U.S. en deur die Toekomskomitee versoek om 'n aanloopstudie te doen en verslag uit te bring oor die wenslikheid van so 'n studie in S.A., watter toekomsstudies in die wêreld gedoen word en wat in S.A. reeds gedoen is. Faktore om te bestudeer, sluit in bevolking, ekonomiese prestasie, verbruikspatrone, produksiebestuur, infrastruktuur (energie, water), betalingsbalans, mannekrag, natuurlike hulpbronne, besoedeling, asook sosiale, kulturele en politieke aspekte.

'n Eenheid vir Toekomsinligting kan dus 'n waardevolle rol speel en die Toekomskomitee het reeds op sodanige stigting besluit.

Dr. Rupert het gesluit met die gedagte : Vandag is gister se môre, en môre se gister. Dit is belangrik om wat vandag gedoen moet word, goed te doen. So rond ons gister af en begin môre.

CARNEGIE-BIBLIOTEEK :
AUGUSTUS 1973

Verantwoordelik vir die uitstalling :

Sittend voor (l.n.r.): Mev. M. Breytenbach, mnr. G. Swanepoel (Senior Bibliotekaris), mev. D. du Plessis. *Staande:* Mnr. D. Lisle, mev. L. E. de Klerk, mnr. H. Wirth, mnr. W. Fulka, mev. B. Stubbings, mev. A. C. W. Brink.



Langenhoven-Gedenkaand 13 Augustus 1973

Die eerste Langenhoven-gedenkaand is op 12 Augustus 1932 in die ou C.J.V.-saal op Stellenbosch gehou. Na 41 jaar is nou weer 'n feestelike gedenkaand gehou waar prof. W. J. du P. Erlank i.p.v. wyle prof. E. C. Pienaar opgetree het, die Universiteitskoor wat in 1932 nog nie bestaan het nie op kostelike wyse liedjies van Langenhoven gesing het onder leiding van mnr. Philip McLachlan (wat in 1932 nog maar in st. nege was) en studente van die departement drama (waaraan toe nog nie eens gedink is nie) o.l.v. Rina Botha dramatiese voorstellings gegee het. Die Voortrekkers wat toe nog net 'n jaar tevore gestig was, het aan die vlag, die Vlaglied van Langenhoven en Die Stem d.m.v. 'n vlagpresentasie en 'n vlagverwydering eer verleen.

'n Besonder keurige en histories waardevolle gedenkprogram is gedruk en aan die talle aanwesiges aangebied. Die Stadsraad het, as hul deel van die fees, die stadsaal teen 'n geringe nominale huurgeldjie tot beskikking gestel.

Langenhoven, ons grootste volkskrywer

PROF. W. J. DUPERLANK
(*Snitte uit sy toespraak*)

Watter vorm moet hierdie lesing aanneem? Dit was 'n week lank my vraagstuk. Langenhoven was 'n aarts-rebel, 'n nonkonformis, maar tewens iemand met 'n sterk prinsipiële gerigtheid. Hy was soos die toekomsvoorspellende seegod van die Griekse mitologie, 'n Proteus-agtige persoonlikheid, wat hier onder die greep van jou woord uitglip en van gedaante verwissel. Sodra jy dink jy het hom raakgevat met jou woord, is hy alweer iets anders.

By al my twyfel oor die vorm van vanaand se voor-drag het één sekerheid by my posgevat, naamlik dit: As jy akademies oor Langenhoven probeer praat, het jy klaar by Langenhoven verbygepraat. En dan kan, as u die gedagte nie oneerbiedig vind nie, die gees van Langenhoven skielik om die hoekie loer en jou met 'n kwinkslag reduseer tot jou eie belaglike formaat, soos hy met baie politieke teenstanders gedaan het.

In die jare wat ons met Langenhoven se werk saamgeleef het, was hy vir baie van ons 'n eenvoudige weg tot selfkennis en kennis van die Afrikanermens. Hy is as jong man opgevoed in die tyd van geestelike vertroebeling ná die Anglo-Boere-oorlog van 1899 tot

1902. En dis in die tyd van nóg groter geestelike vertroebeling ná die Rebelle en die Eerste Wêreldoorlog van 1914 dat hy sy groot taak van geestelike verheldering in ons volkslewe begin het, dat hy die skerp lig van sy lag en sy spot, maar ook die warmer lig van sy liefde aangesteek het in ons volkslewe.

Orals in sy geskifte praat Langenhoven met 'n wonder-tere naïwiteit en met 'n byna heilige eerbied van sy pleegvader en pleegmoeder. En sy mooiste, mees verhewe konsepsies, klee hy altyd in die moederbeeld as beliggaming van onselfsugtig dienende liefde. Watter invloede van skool of universiteit of openbare lewe ook later op hom ingewerk het, altyd het hy die hoogste skoonheid van daad en gedagte herlei tot die selfopofferende moederliefde.


En, vér agter die moederbeeld, byna soos 'n vae en onderbeligte agtergrondspoor, waarop die ander afgedruk is, verskyn die prototipe, die oerbeeld van dienende liefde – die Christusfiguur.

Dit was veral hierdie indrukke van sy jeug en opvoeding wat hom as 't ware voorberei het vir die bepaalde rol wat hy in ons kultuurlewe sou speel. Maar die interessante is dat hy eers byna dertig jaar lank enigsins stuurloos en rigtingloos rondgedobber het, voordat hy eintlik sy besondere taak en lotsbestemming gevind het.

Maar dit was ook 'n tydperk van langsame groei en voorbereiding, want as hy daarna aktief begin optree, is dit 'n gerypte, volgroeide volkspersoonlikheid en skrywerspersoonlikheid wat voor ons staan. Dit is opvallend dat daar wel 'n groot fluktuasie in Langenhoven se werk is, maar geen bestendig stygende lyn nie.

Ek hoef u maar net te verwys na die satiries-humoristiese geskifte soos *Sonde met die Bure*, en *Doppers en Filistyne*, waar hy op sy eienaardige manier die speël van selfkennis aan die Afrikaanse bobbejaan van daardie tyd voorgehou het. Die Afrikaanse bobbejaan het eers agter die speël gevoel-voel, of daar miskien iemand anders agter die speël verskuil is, en hy het tot sy ontsteltenis ontdek dat dit maar sy eie sigself is, sy bloedeie bobbejaanlike self, wat uit die speël terugloer.

Dink maar aan die kostelike satire in *Doppers en Filistyne* – Ou Stoffel, 'n regte ou Takhaar met sy ruie bos baard en kareeboskierie, raak slaags met die dorpse Filistyne, onder andere met die familie van James Wenderbaail, voordat die Wenderbaails nog eenvoudige Boertjies geword het. Na 'n lang en verbitterde worstelstryd het Ou Stoffel die Engelse en verengelsde Afrikaners so reggemoker met sy kareeboskierie, dat hy deur sy vrou, Soetlief, sy eie baard spitspunt laat



LANGENHOVEN SE HANDEWERK

(Sien *Matieland*: Augustus 1973, bl. 8, regs onder)
Langenhoven het van egte artikels gehou: Egte mense, egte gedagtes, egte hout – en vir 'n manuskrip egte leer.

knip volgens die heersende S.A.P.-mode, en saam met hulle op konserte uit volle bors kan sing: „God save the King”. Bul van 'n Boer! Selfs as die politieke satire al lank vergeet is, sal Ou Stoffel nog voortleef in ons letterkunde as die tipe nasiemens wat homself morsdood versoen met die vreemde om dan in die Luilekkerland van sy eiewaan te triomfeer.

Dan skets hy met skeermesskerpte die tradisionele tweedragtigheid van die Afrikaner, en sluit af met hierdie woorde: „Ons is 'n baie bekwame nasie, ons maak baie bekwame slawe uit.”

In sy spreuke en essays het Langenhoven die gouderts van ons volkswysheid, volksvernuf en volkshumor met die vormkrag van sy woord gemunt tot kontantgeld, wat ons in ons beursie kan saamdra om die lopende uitgawes van ons gewone geselskapsverkeer daaruit te betaal.

Langenhoven het in dieselfde mate die letterkundige honger van die Afrikaanse volk ondervind as 'n byna fisiese lyding. Maar hy het dit nie daarby gelaat nie. Hy het sy groot talent – miskien nie 'n diepgaande en sterk gespesialiseerde talent nie, maar 'n veelsydige en omvattende talent – dit het hy gestel in diens van sy lewensideaal, naamlik om gesonde volkslektuur, smaaklik voorbereide boerekos aan die hongerende menigte voor te lê.

Dit het hom al dadelik geplaas voor hierdie dilem-

ma: skryf hy af na die intellektuele en artistieke peil van die massa, dan haal hy homself en sy volk die verwyd van onbeskaafdheid op die hals. Skryf hy op na die verstandshoogtes van ontwikkelde enkelinge, dan bereik hy nie die ondervoede massa nie.

Die oplossing vir sy probleem het hy gevind in die werke van die Griekse digter Homerus, wie se epiese sange inderdaad volksange is, maar tewens tot die grootste literatuur van alle tye behoort. Verder het Langenhoven sy oplossing gevind in wat ons byna kan noem sy letterkundige wetboek, naamlik die ou Hollandse Statebybel. Daarin word inderdaad die hoogste waarheid en die hoogste skoonheid gegee in vorme van die allernederigste eenvoud.

Langenhoven het gemeenskapskunstenaar geword. Hy is in taal en toon en intonasie altyd een van die groot huisgesin wat ons die Boerenasie noem. „Deur twee dinge,” sê Langenhoven in sy outobiografie, „is die lewe vir my leefbaar gemaak: deur die liefde wat ek gegee het en deur die liefde wat ek gekry het”. Miskien kon hy 'n derde daarby gevoeg het: „Deur die liefde wat ek gewek het.”

In die pleidooi wat hy voor die Akademie in 1914 gehou het vir die erkenning van Afrikaans, sê hy: „Skaam vir julle taal, menere, skande op daardie skaamte! Dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting, die een en enigste witmanstaal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra, van alles wat ons vaders hier deurleef, deurworstel en deurtriomfeer het; die één band wat ons nasie aan mekaar bind, die uitgedrukte siel van ons volk”.

Prof. Erlank het teen die einde ook hierdie profetiese aanhaling uit „*Die Pad van Suid-Afrika*” gemaak:

Maar deur tweedrag heen sal die eenheid bly,
 Want elke geslag neem 'n fout na die graf,
 En die wieg wat kom, bring 'n deug wat bly,
 Geen nasie sterf ooit sy bestemming af.

Hoe ek Langenhoven onthou

PROF. F. E. J. MALHERBE
(Uittreksels uit 'n toespraak)

Vanjaar is dit 100 jaar dat Langenhoven gebore is. Hy het maar 59 jaar oud geword. Ek het die eer gehad om hom as 'n vriend te ken tot aan sy dood en ook om namens die Universiteit van Stellenbosch 'n laaste hulde te bring by sy begrafnis op Oudtshoorn, 17 Julie 1932.



VROUTJIE

Mev. Magdalena Maria Langenhoven deur Langenhoven „Vroutjie” genoem en in sy verhare „Tant Lenie”. (Sien die artikel deur dr. Anna de Villiers oor haar in *Matieland*, Augustus 1973, bl. 24).

(Foto met erkenning aan prof. J. N. de Villiers.)

Ek onthou hom as skrywer aan die begin van die twintigerjare toe ek in sy werk welkome materiaal gevind het vir my Amsterdamse proefskrif oor die *Humor*. Maar persoonlik het ons eers later kennis gemaak op die aand met my intrede as dosent op Stellenbosch toe Langenhoven ook in my gehoor was. Dit was in 1924.

Waarom was Langenhoven so vurig anti-Hollands?

Nederlands is vir Afrikaans tog taalkundig en inhoudelik ’n verrykende bron! Langenhoven was anti-Hooghollands want dit het in die pad gestaan van die erkenning van Afrikaans. Hooghollands was vir die Afrikaner die pad om te verengels, want as taal was dit morsdood, te onnatuurlik om te gebruik, en daarom het selfs Republikeinsvoelendes soos M.E.R. in briewe aan haar suster Engels gebruik. Dit het vir Langenhoven dus gegaan om herstel en redding, behoud of ondergang – en daar was haas by.

Op ’n keer het ons saam ’n voordragte aan ’n

Kleurlingkollege bygewoon. In my motortjie het ek die Senator en mej. Sarah Goldblatt daarheen geneem. Opvallend die aand was dat alles in Engels was. Pragtig uit Romeo en Juliet voorgedra. Tot op eens ’n klein meisie D. F. Malherbe se *Slaap* voordra en met ogies ten hemel geslaan, dringend smeek: „Sluit só my oë God, as ek gaan rus . . .” Dit was te dierbaar. Met ’n kragwoord hier naas my: „Dáár is ’n miljoen, ja ’n miljoen potensiele lesers van *Die Huisgenoot* en wat doen ons vir dié mense; wat is óns houding teenoor hulle, dat hul aan hul moedertaal, Afrikaans, vas-hou en nie vervreemd raak nie?” Selde het ek Langenhoven so ernstig sien reageer.

Hy kon helder en direk, vlymskerp geestig op die kern van ’n saak ingaan. Dit het hom ’n populêre spreker op Stellenbosch gemaak soos geen ander nie. En nêrens was hy gelukkiger nie. Dit was die vormingsjare van ’n eie frisse volksuniversiteit met leerkragte, meestal landseuns, wat lank in die suiwer wetenskaplike dissiplines in Europa en Amerika gestaan het, breed-kultureel gevormde persoonlikhede.

M.E.R. vertel in haar mooi biografie, *My Beskeie Deel*, hoe sy een aand met prof. Smith na so ’n lesing van Langenhoven gegaan het: „Want Langenhoven is op sy beste voor daardie Stellenbossers. Kaapse studente het waarskynlik geen behoefte aan hom nie, al sit hy hier by hulle; Stellenbossers weet hy behoort aan hulle en hulle aan hom. Daar is min dinge, dink ek, wat só die verskil tussen die universiteite weergee.”

Met sy huwelik stuur Langenhoven aan prof. Malherbe „die mooiste present op daardie dag: ’n aantal bladsye manuskrip, in sy mooi handskrif, ingebind voor in sy bundel, *Die Pad van Suid-Afrika*, deur homself uitgevoer in ’n stewige leerband”. Binnekan was onder meer geskrywe: Liewe Marie – Jy het Dr. Frans nou terug op die pad van Suid-Afrika. Om hemels wil, hou hom daar – moenie hom laat *relaps* nie. (Die Engelse woord, omdat dr. Frans so teen angliismes geskrywe het!)

Sy komiese sin, geestigheid en humor was sy groot gawe – humor as harmonie van gees en hart, wat langs die omweg van die komiek die ware lewenserns erken. Humor is spot getemper met medelye. Die satire wil bepaalde ondeugde in die maatskappy kasty of hekel – Langenhoven se satire is egter gemoedelik en konstruktief omdat daar hart en veral geloof in sy geskifte gevind word.

Hy was vaderlander, maar omdat hy die lewe as geheel gesien het – seeing life steadily and whole – was hy geen blinde partyganger nie. Miskien was dit Langenhoven se grootste betekenis dat hy dinge van ’n hoogte kon sien, met juiste perspektief en humor.

die son. Dus wanneer die Administrasiekantoor om 12.45 vir middagete sluit, is dit feitlik presies 12.00 middag sontyd.

Stellenbossers se horlosies laat hulle dus elke môre 45 minute vroeër as sontyd opstaan. Dit gee ons 'n langer voormiddag om te werk; gevolglik gee dit 'n langer namiddag om ná kantoortyd te ontspan – of ander nodige werk te verrig. *Eikestadnuus* van 17 Augustus 1973 slaan dus die bal heeltemal mis wanneer dit in groot letters sê: *Stellenbosch Heeltemal Agter Die Tyd*. Al sou Stellenbosch ook hoe erg onderwets wees – ons is die tyd altyd vooruit!

Die son self is slegs op vier dae van die jaar akkuraat, nl. op 16 April, 14 Junie, 1 September – en op Kersfees! Die aarde self tol om sy eie as in 23 uur 56 minute en 4 sekondes, 'n tydperk bekend as 'n sterdag. Dan benodig die aarde nog naastenby 4 minute omdat hy intussen sowat 1° op sy aardbaan afgelê het om aldus 'n volle ligdag (sondag) te verkry.

Maar moenie u bekommer nie – Stellenbosch se geleerdes het al die afwykings vir u gerief bereken en in die een kromme saamgevat. Sulke manne soos prof. Gawie Cillié, prof. W. L. Mouton en mnr. G. O. Naser van die Paarl, het in hierdie spesifieke onderkomitee gedien!

Met die onthulling van die sonnewyser het mnr. Naser die wetenskaplike agtergrond verduidelik. Mnr. Naser het al sedert 1933 in die sonnewyser belanggestel.

Mej. Goldblatt

Mej. Sarah Goldblatt het die inwydingsrede op gevatte en interessante wyse gevoer. Sy bejammer nou die Stellenbosse studente wat voortaan nie meer 'n verskoning sal hê om laat vir hul klasse te wees nie.

Sy het gesê die enigste moment van tyd waarvan ons weet, is NOU. Gister is verby en môre moet nog kom. Dit was die gedagtes wat *Vader Tyd* teenoor *Hoop* geuiter het.

Sy het die skare vir hulle geduld bedank en gesê: „Nou wil ek 'n tou trek!” Daarmee het sy die onthulling waargeneem.

Mej. Goldblatt het die Studenteraad, en by name die voorsitter van die S.R., mnr. Christoff Pauw, wat toe nog gedien het, hartlik bedank vir die brons plaat wat die hulde van die Stellenbosse studente aan Stellenbosch se mees geëerde oud-student en alumnus betuig. Die plaat is in Arbeidsgenot net onder Langenhoven se groot foto opgehang – 'n besondere ereplek! Mnr. Pauw het die plaat spesiaal tydens die Oudtschoornse fees ná Oudtschoorn geneem.



Met die inwyding van die Langenhoven-sonnewyser kon mej. Sarah Goldblatt aflees: 13 Augustus (en die 1973 voeg ons self by), tien voor vier namiddag sontyd (of plaaslike tyd). Tel vyf-en-veertig minute by om standaardtyd volgens 30° O.L. te kry, en haar horlosie sê dit is vyf-en-twintig voor vyf namiddag. Die leuse by die sonnewyser is van Langenhoven: „Die duisternis het geen skaduwee nie.” Die koperplaat met die leuse is aan die noordelike voet van die sonnewyser op die plaveisel aangebring.

Olgo Pieri beeldhouer van Langenhoven-relief

Mnr. P. L. Olivier, Besturende Direkteur van Homes Trust Begrafnisdienste, Kaapstad, was die eerste om vaste inligting te gee i.s. die beeldhouer van die Langenhoven-reliefbeeld n.a.v. ons versoek in Matieland van Augustus 1973. Mnr. Olivier sê hy is 'n

Witsie, maar hy lees gerêeld sy dogter se *Matie-land*.

Olgo Pieri, die beeldhouer, is op 28 Desember 1893 te Florence, Italië gebore en het as immigrant na Suid-Afrika gekom. Hy is op 24 Junie 1965 in Durban oorlede.

Mnr. Olivier het mnr. Pieri persoonlik geken omdat hy in later jare by 'n grafsteensaak te Durban gewerk het waar mnr. Olivier hom gereeld gesien het. By geleentheid het mnr. Pieri 'n foto van die reliefbeeld met trots aan mnr. Olivier getoon en dit later selfs aan mnr. Olivier geskenk. Mnr. Pieri het met die grootste lof van mnr. Jacob Smit (of *Smiet* soos hy gesê het) gepraat.

Mnr. Pieri was gedurende die Tweede Wêreldoorlog na alle waarskynlikheid 'n geïnterneerde.

Mnr. Olivier sê: „Daar word tereg na die beeld as 'n kunswerk verwys en ek kan verder bevestig dat as werknemer van ons organisasie en ook volgens ander werk van hom, hy van besondere formaat was.”

Oom Boy de Beer se werknemer

Ds. W. J. Smit, leraar van die N.G. Gemeente Uitenhage-Oos, seun van oom Jacob Smit, die skenker van die beeld, het enkele dae na mnr. Olivier van hom laat hoor en skryf dat mnr. Pieri in 1938 by mnr. S. R. de Beer, Oom Boy, eienaar van Oudtshoorn se Monumentale Werke in Kerkstraat begin werk het. Hy het die beeld in 1939 voltooi.

Oom Jacob se foto

Ds. Smit skryf verder: Die foto van my vader (*Matie-land*, Aug. 1973, bl. 21) is nie in Arbeidsgenot geneem nie, maar in die huisie by Glenara, Koninginstraat 68, Oudtshoorn. Ons het eers in 1943 intrek geneem in Glenara, daarom moes dit eers hierna geneem gewees het – ek dink ongeveer in 1946.

Die koppie is die een waaruit Langenhoven altyd sy koffie gedrink het. Die pakkie Flag-sigarette is die laaste pakkie sigarette waarvan Langenhoven geroek het. Daar moet nog vier sigarette in wees.

Daar was 'n sekere De Villiers onderwyser op Oudtshoorn wat na 'n lang gesoebat twee van die ses sigarette by my vader gebedel het. Hy het die sigarette nie soos goud bewaar, soos hy beloof het nie, maar in 'n oomblik van onbesonnenheid opgerook! (Hy het weer twee sigarette gaan bedel, maar die sagsinnige oom Jacob het hom in die plek daarvan 'n kwaai berisping op Langenhoven se styl gegee.)

(Baie dankie, mnr. Olivier en ds. Smit! U het 'Africana-werk gedoen! Red.)

Sommige karakters en werklikes was ook die middag by die sonnewyser. 'n Kompetisie is uitgeskryf om die genommerdes uit te ken. Onder hulle was Die Burger se Donnerbelling, Vader Tyd, Stellenbosch se Skrifgeleerde, mej. Sarah Goldblatt (sonder nommer!), Brolloks en Bittergal, asook 'n gees – en Oom Stoffel Gieljam, 'n netjiese boer soos altyd.



Oud-Maties

Oud-Matienuus uit die Randse Afrikaanse Universiteit

Beste Oom Redakteur van *Matieland*,

Hier by die R.A.U. tel ek 43 wat aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het. As van ons eggenotes bygetel word, dan word dit 'n aardige versameling.

Die Departement Geskiedenis is onlangs geheel deur Stellenbossers ingeneem. Ernst Stals, ou ingesetene van Stellenbosch, wie se ouers nog in Groeneweide woon, is van 1 April 1973 bevorder tot professor in die plek van prof. Floors van Jaarsveld wat na die Universiteit van Pretoria is. Ernst is voorsitter van die Departement Geskiedenis en bly ook verder aan as leier van die R.A.U. se navorsingsprojek oor die Geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand.

Hierdie is 'n formidabele taak, want al was Stellenbosch al 'n redelike dorp toe Randjieslaagte, Braamfontein, Weltevreden, Lemoenkloof (Orange Grove) en ander mooi ou boereplase nog maar net plase was, het die Afrikaner al diep spore aan die Rand getrap – op baie plekke en vele terreine.

In die Departement Geskiedenis is verder ook Pieter Kapp, senior lektor en oud-onderwyser aan Paul Roos-Gymnasium, Johan de Villiers (lektor), wie se ouers nog op Stellenbosch woon, en Leopold Scholtz (lektor), seun van die bekende dr. G. D. Scholtz. Leopold studeer tans nog in Leiden en sal by sy terugkeer sy pos aanvaar. Onlangs is dr. Henning van Aswegen, tans van die Universiteit van Oranje Vrystaat, en ook 'n oud-Matie, aangestel as senior lektor. Hy sal op 1 Oktober hier diens aanvaar. Al die dosente in die Departement Geskiedenis is dus produkte van proff. Dirk Kotzé en Piet van der Merwe.

Dit is nog nie die einde nie, want op 1 Julie het André Potgieter, vroeër verbonde aan die S.A.U.K., diens aanvaar as junior navorser by die genoemde Geskiedenisnavorsingsprojek.

Ek hoop die bostaande is nuus vir *Matieland*. Dit sal help bewys dat die oud-Maties oral hul spoor trap.

Ek merk juis in April se *Matieland* dat u vir Jean de Villiers, voorheen van Saldanha, 'n aangename verblyf in die „verre Transvaal” toewens. Ek moet net noem dat die 900 myl darem nie heeltemal só ver is nie. By geleentheid is hierdie, om Oom Bun se woorde te gebruik, nogal 'n heel bekwaam plek om te makeer.

Vriendelike groete,

BERNHARD LOUW

VERDUIDELIK ASSEBLIEF!

(Mnr. Louw, self 'n oud-Matie, is die Assistent-Registrateur van die R.A.U. Hy was voorheen aan die Departement van Ontwikkeling van U.S. verbonde.

Die woorde „verre Transvaal” is gebruik deur mnr. Mike Müller van die Militêre Akademie. Vir 'n voet-soldaat is 900 myl baie ver – en nog verder in kilometers!

Oom Bun se woorde dui op die kwart-minuut-toespraak wat prof. Bun Booyens in die Senaat van U.S. gemaak het nadat hy deur die rektor, prof. H. B. Thom, as nuwe professor verwelkom is. Hy het glo gesê: „My ou Griekwa-vriend het by 'n sekere feestelike geleentheid ewe hoogsprekend gesê: „Dit is een bequaem plek om te makeer!” ”

Red.)

GELUKWENSE MET PH.D.

Dr. J. T. Botha, hoof van die Departement Engels (Opvoedkunde) het in Junie die graad Ph.D. aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Sy proefskrif, *Diaphonic Vocoid Variants in Inter-linguistic Contact between English and Afrikaans, Afrikaans being the constant*, verken, teen die agtergrond van die vergelykende taalwetenskap, die klankstelsel van Engels soos waargeneem in die mond van Afrikaanssprekendes. Sy navorsing, hier en in die buiteland is enig van sy soort deurdat ouditiewe waarneming getoets is aan 'n omvangryke osilloskopiese en spektrografiese ontleding.



OUD-MATIES VAN 1945-1958 EN KONVOKASIE 1973

L.n.r.: Mnr. Koos Louw (Pofadder), mnr. Leon Kuschke (studenteraadslid), prof. W. M. van der Westhuizen (Regte), dr. J. H. Oosthuysen (Johannesburg), mnr. Kowie Adriaanse (Milnerton), mnr. Johan Gelderblom (S.R.), prof. H. A. Louw en mnr. Eddie Pienaar (Malmesbury).

DIE S.A. AKADEMIE

Prof. Gerhard Beukes van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is tydens die vergadering van die Akademie in Junie vanjaar as voorsitter vir die volgende twee jaar gekies. Hy volg prof. Manie de Waal, ook 'n oud-Matie, op. Prof. De Waal dien nou nog as gewone lid verder.

Prof. W. E. G. Louw is gekies as voorsitter van die nuut ingestelde staande letterkundige kommissie.

Prof. G. G. Cillié en prof. F. C. Fensham van U.S. is ook as raadslede verkies. So ook prof. S. P. Olivier, rektor van die Universiteit Durban-Westville.

CARNEGIE-BEURSHOUERS

Die president van die Carnegie-Corporation, mnr. Alan Pifer, het op Donderdag, 27 Julie, 'n vlugtige besoek aan Stellenbosch gebring. 'n Groepie van die groot getal oud-beurshouers kon saam met hom 'n koppie tee geniet.

L.n.r.: Prof. A. B. van der Merwe, S. P. Cilliers, dr. M. S. M. Beyers, mnr. Alan J. Pifer, proff. M. de Vos, M. J. de Vries en P. S. du Toit.





Sy Ed. dr. P. G. J. Koornhof (Minister van Mynwese, Immigrasie, Sport en Ontspanning), praat voor die oud-Maties oor die sportbeleid.

DOKTORSGRAAD

Prof. Isabella Murray Hofmeyr, hoogleraar in die Departement Verpleegkunde van U.S. te Tygerberg het in September die graad D.Ed. in Pretoria ontvang. Sy het die B.Sc., S.O.D. te Stellenbosch behaal. Gedurende haar vorige verpleegstersloopbaan was sy te Groote Schuur-hospitaal, die Karl Bremer-hospitaal en die Otto du Plessis-verpleegsterskollege.

Dr. W. P. de Kock, D.Sc., tans rustend te Gerhardsminnebron, Boskop (Tvl.), die bekende geoloog, is aangestel as lid van die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad en as lid van die Prioriteitskomitee van die Adviesraad.

Mnr. Louis du Plessis is nie meer werksaam in die Departement van Inligting nie, maar het nou 'n betrekking met kapteinsrang in die navorsingsafdeling van die S.A. Weermag aanvaar.



By die noenmaal het mev. Geraldine de Villiers namens die Rektor die oud-Maties verwelkom. Dr. Tobie Erasmus, voorsitter van die byeenkoms, verleen haar sy beskerming.

Wilgenhoffers ... Aandag! Reünie

'n Reünie van oud- en huidige Wilgenhoffers word beplan vir 29, 30, 31 Maart 1974.

Persoonlike briewe word teen die einde van Januarie 1974 aan u gepos, maar indien u nie een ontvang het nie, skryf asb. dadelik om besonderhede aan

Die Argivaris,
Mnr. A. Penderis,
Wilgenhof,
Stellenbosch.



SAAMTREK: NAGEDAGTES UIT BRIEWE

Op hierdie oomblik wens ons eintlik dat die Saamtrek nog voorgelê het . . . Dit was twee onvergeetlike dae . . . Dit was met huiwering dat ons na Stellenbosch gery het. Jy het nie geweet wat om te verwag nie . . . Stellenbosch het pragtig ontwikkel, maar was snaaks genoeg nie vir ons vreemd nie.

Oswald en Jean Meiring, Uitvlugt, De Wet, 9/10/73.

'n Spesiale woord van dank aan uself, mnr. Esterhuyse, vir u besondere aandeel in die reëlings. Die organisasie was beslis puik. Op pad terug P.E. toe val dit my by dat ons nie die presensielys geteken het nie. Teken asb. my en my vrou se name aan.

H. D. (Dan) Longland, Port Elizabeth, 1/10/73.

Now that the Saamtrek is over I would like to thank you most sincerely for all that you did so skilfully . . .

Pat McMagh, Bloubergstrand, 27/9/73.

Dit het ons beslis weer nader aan die „ou kraal” gebring.

H. P. M. Agenbach, Fraserburg, 2/10/73.

Dr. F. J. Snijman (Hoofredakteur van die Groot Afrikaanse Woordeboek) en sy vrou by die noenmaal. (Dr. Snijman kla dat oud-Maties nie meer soveel woorde en uitdrukkinge as tevore aanstuur nie.)

Selfs wanneer biltongboere van Suidwes net maar gesels, bly die voorvingers reg vir die sneller.

L.n.r.: Mnre. Jan de Wet (Kommissaris-genl. vir Owambo) en Piet Greeff (prokureur op Otjiwarongo).



Beurse en skenkings

Verskeie skenkings is sedert die vorige publikasies van *Matieland* met groot waardering deur die Universiteit ontvang. Enkele word hier nader toegelig.

AE & CI SKENK R50 000

'n Bedrag van R20 000 is van African Explosives and Chemical Industries ontvang as eerste paaïement van 'n skenking van R50 000. Die balans is betaalbaar in paaïemente van R10 000 gedurende die tydperk van 1974 tot 1976. Die opbrengs moet aangewend word vir toerusting vir die Departement van Chemiese Ingenieurswese.

Die Ou Mutual het die vierde paaïement van 'n skenking van R25 000 gemaak. Die geld wat vir geneeskundige navorsing gebruik moet word, is deur mnr. B. Bode, Distriksbestuurder van die Ou Mutual op Stellenbosch (middel) en mnr. C. P. van der Merwe, nuwe besigheidsbestuurder op Stellenbosch (links) aan die Direkteur van Ontwikkeling van U.S., mnr. P. J. Lombard, oorhandig.



MOLTENO BROTHERS TRUST SKENK R10 000

Die bedrag van R10 000 is van die Molteno Brothers Trust, Elgin, vir die Departemente Engels en Musiek ontvang. Die bedrag is verdeel onder die Departement Engels (R5 000), die Konservatorium (R1 500) en die Fonds vir Konsertreise (R3 500).

C. F. ALBERTYN-BEURS AAN PROF. G. STANDER

'n Navorsingsbeurs sonder sy gelyke in Suid-Afrika, is vir 1974 toegeken aan prof. G. Stander van Stellenbosch, hoof van die Departement Opvoedkundige Sielkunde en die Kinderleidingkliniek aan U.S. Dit is die C. F. Albertyn-beurs van R3 000 vir navorsing op die gebied van die pre-primêre en primêre onderwys.

Die United Bouvereniging het sy agste skenking van R3 000 aan mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling van U.S., oorhandig. Links verskyn mnr. P. S. Geldenhuys van U.B. en regs mnr. Lombard van U.S.



Die Beursfonds is ingestel deur C. F. Albertyn (Uitgewery) van Stellenbosch, uitgewer van stelle opvoedkundige boeke. Die fonds word geadministreer deur 'n Raad van Trusteas onder voorsitterskap van prof. H. B. Thom, oud-rektor van U.S. Die ander lede is mnr. S. Theron van Kaapstad, dr. A. L. Kotzee van Pretoria, prof. A. J. C. Jooste van Bloemfontein en mnr. Jan van Rooyen van Stellenbosch (sekretaris).

Prof. Stander sal 'n ontleedende studie maak van die tipiese neigingsstrukture en persoonlike leergewoontes van die intellektueel normaal en bonormaal begaafde primêre leerling met leerprobleme, ook van die aanpassing van die onderwyser/es se opleiding met die oog op remediërende werk in die klaskamer.

Matielandfonds

Tot op 22 September 1972 het ons lesers R8 996,21 tot die *Matielandfonds* bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is. Sal die skenkers met onbekende adresse asseblief hulle korrekte adresse aan ons stuur?

Totaal tot op 22 September 1972	R8 996,21
Mnr. J. A. J. Baard, Posbus 74, Lutzville	5,00
Mev. M. J. Beaud, Antelopelaan 51, Germiston	5,00
Mnr. J. F. Bosch, Brandwag, Mosselbaai	2,00
Mnr. H. P. Dekker, Lynnwood 58, Pretoria	6,00
Mnr. A. M. de Villiers, Posbus 727, Pretoria	5,00
Mev. L. D. Ellis, Posbus 85, Orkney	10,00
Mnr. A. S. F. Gous, Posbus 9955, Johannesburg	5,00
Mnr. G. J. Greeff, Langstraat 31A, Montagu	3,00
Mev. M. Haarhoff, Louis Trichardtstraat 3, Somerserset-Wes	2,00
Mnr. F. van S. Hanekom, De Beersweg 93, Strand	4,00
Mnr. en Mev. R. N. Hartzenberg, E. A. D. 119, Eersterivier	6,00
Mej. H. J. Horne, Molenvliet 12, Stellenbosch	5,00
Mev. A. S. Jonker, Ewinglaan 18, Springs	5,00
Mnr. J. F. Jooste, Georgeweg 22, Verwoerdburg	2,00
Mev. M. S. Knoetze, Tuliplaan 40, Port Elizabeth	5,00
Mnr. J. Kotze, Onqwediva Opleidingsentrum, Oshakati, S.W.A.	5,00
Mnr. O. O. Kritzing, Posbus 50, Cornelia	2,50
Mnr. G. S. Louw, Derdelaan, Kleinmond	5,00
Mev. C. M. Lubbe, Boschstraat 5, Paarl	2,00
Dr. J. L. Meiring, Robert Koch 710, Pretoria	10,00
Mev. A. E. J. Metcalf, Rosevilleweg 28, Claremont, K.P.	2,00
Mev. A. S. Naude, Longstraat 21, Lichtenburg	4,00
Mnr. H. Preiss, Andersonstraat 122, Pretoria	5,00
Mev. U. Ramsay, p.a. Massey-FERGUSON DE MEXICO S.A. Pasio De La Reforma 509, Mexico 5, D. F. Mexico	20,00
Mnr. A. W. Retief, Clevelandstraat 44, Bellville	5,00
Mnr. en Mev. H. J. Steenberg, Dankbaar, Parys, O.V.S.	10,00



Die Standard Bank van S.A. (Bpk.) het sy skenkings van R4 000 in 1970, 1971 en 1972 vanjaar opgevolg met 'n skenking van R5 000. Dit is deur mnr. Vincent de Villiers (links), Senior Algemene Bestuurder van die bank in Kaapstad, aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, oorhandig.

Die S.A. Permanente Bouvereniging se vierde agtereenvolgende skenking van R1 500 sedert 1970 is deur mnr. R. P. Cluver, Voorsitter van die plaaslike direksie van die Permanente Bouvereniging (links), aan mnr. P. J. Lombard van U.S. oorhandig.





Die Allied/J.B.S. Bouvereniging se derde skenking van R1 000 sedert 1971 is deur mnr. D. H. Zinn (Streeksbestuurder) en mnr. W. Rossouw (Vise-voorsitter) (regs) aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers (middel), oorhandig.



SANTAM BANK-SKENKING

Vroeër in die jaar het mnr. H. J. Fourie (links), takbestuurder van Santambank in Bellville, 'n tjek van R1 000 aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, ten bate van U.S. oorhandig.

SKENKING AAN BURO VIR EKONOMIESE ONDERSOEK

In Junie vanjaar het Sanlam 'n tjek ter waarde van R1 500 aan die Buro vir Ekonomiese Onderzoek oorhandig. Dit is die eerste paaient van drie skenkings wat in totaal R4 500 sal bedra.

L.n.r.: mnr. J. G. Pauw (Streeksbestuurder van Sanlam), prof. C. G. W. Schumann (Direkteur van die Buro), mnr. A. G. de Waal (Takbestuurder, Sanlam) en mnr. A. J. M. de Vries (Hoof-Ekonoom van die Buro).

Mev. M. M. van der Merwe, Duvenhagestraat 8, Potchefstroom	5,00
Mnr. D. J. van der Watt, Privaatsak 2029, Krugersdorp	2,00
Dr. W. S. van der Westhuizen, Progressstraat 30, George	2,00
Mnr. J. C. van Eyssen, De Wittebrug 3, Florida Park	5,10
Mnr. en Mev. J. J. van Heerden, Van Zylstraat 09, Robertson	5,00
Ds. H. B. Venter, Soete Inval 8, Stellenbosch	2,00
Mnr. P. C. Willis, Almaweg 12, Claremont K.P.	10,00
Mnr. H. Wolfaardt, St. Michaelweg 23, Alberton	2,00

Totaal op 18 Oktober 1973 R9 169,81

Alle tjeks en posorders moet asseblief aan *Die Matie-landfonds* uitgemaak word.



Studentebedryghede



DIE STELLENBOSSE STUDENTERAAD:
1973/4


Agter (l.n.r.): Mnre. Leon Kuschke, Bertie du Plessis, Hennie van der Merwe, Blikkies van Schalkwyk, Jan Heunis, Pieter Hurter (Ondervoorsitter), Cassie Wait en Johan Gelderblom.

Voor: Mej. Retha Rossouw, mnre. Bobby Loubser (Sekretaris), Willem Doman (Voorsitter), Pieter Vorster en Jan Hofmeyr.

DANIE MALAN – KARAKTERVOLLE
ATLEET

Toe atletiektalent die dag uitgedeel is, was Danie Malan nie heel voor in die tou nie, maar gelukkig vir hom was hy op die voorpunt toe karaktereienskappe soos pligsgetrouheid, hardwerkendheid en vasbeslotenheid uitgedeel is. Só het dit dikwels gebeur dat hy selfs tydens vakansies elke dag geoefen het wanneer sy familie en vriende volkome uitgespan het!

Daar was 'n stadium toe ander op hom staat gemaak het om hulle te help om goeie tye en vertonings te lewer – en in die proses moes hy meestal tevrede wees



Danie Malan

met die tweede of die derde plek. Maar sy doelgerigtheid is beloon toe hy die wêreldrekord in die 1 000 meter wat hy op 24 Junie, 'n dag voor sy 23ste verjaardag, in die Olimpiese Stadion in München, West-Duitsland, opgestel het met 'n tyd van 2:16,0 sek., behaal het.


Danie is nie net 'n atleet en ambassadeur vir sy land nie, maar ook 'n goeie student wat in sy matriek drie onderskeidings gekry het en tans in sy finale B.Sc. (Landbou)-jaar is.

MATIES SE GHOLFSPAN; SPANLID OORLEDE

Vir die eerste keer in 26 jaar het die Maties die S.A. interuniversitêre gholftoernooi gewen. Op die foto regs bo verskyn (l.n.r.) voor: Peter Rogan, Kobus Boshoff (Kaptein), mnr. Pikkie Blommaert (Bestuurder) en Ian Müller.

Agter: André de Wit, Tienie Hendriksz, Roland Hofmeyr en Tim Randon.

André, B.Comm. III-student en inwoner van die koshuis Simonsberg, is na 'n motorongeluk op 29 September oorlede. Sy ouers is mnr. en mev. D. C. de Wit van Welgemoed.



INGENIEUR GEE LEIDING

Mnr. Joe Kruger (24), finalejaar ingenieurstudent aan U.S., is in Julie tydens die ingenieurskongres op Stellenbosch tot president van die Nasionale Raad van die S.A. Federasie van Universiteitsingenieurstudente gekies. Die Federasie het 'n ledetal van 5 000 aan S.A. se universiteite.

SENDINGWEEK OP DIE KAMPUS

Van Sondag, 5 Augustus, tot Maandag, die twaalfde was dit vanjaar weer eens sendingweek op die kampus. Die tema was Spontane Sending.

Die volgende onderwerpe is tydens etensuurbyeenkomste deur ds. Willie Marais behandel: Die lewe hierna, die vrou wat aan bloedsvloeiing gely het, die man wat van melaatsheid gereinig is, die groot maaltyd, en die gebed van die tollenaar. Duisende studente het oor die week die dienste bygewoon. In die Erfurthuis was weer sendingwerkkuitstallings wat deur talle besoek is. Die reëlins is deur die C.S.V. getref.

Ds. Willie Marais, Tobie de Wet (Voorsitter) en Jan de Waal (onder-Voorsitter). (Foto regs)



Mnr. Johan Louw oorhandig die jaarblad, *Die Stellenbosse Student*, aan die Rektor.

KRIEKET

Hartlike gelukwense word veral aan die tweede en derde spanne gebring, aangesien hulle hul onderskeie kompetisies in die Westelike Provinsie gewen het en aan die eerstespan wat tweede in sy liga geëindig het.

MANS MAG ROKKIES DRA AS DAMES...


Toe die Universiteitsraad die groen (of was dit rooi) lig gee vir dames om broekpakke te dra (geen kleef-truie of sjoes nie!) het hulle met voorbeeldige gehoorsaamheid na die Raad se aanbeveling geluister. Paul Harper, Suid-Afrikaanse burger, maar van Skotse afkoms, wou egter die balans in die klasse bewaar. Die Raad het egter nog nie oor mini-maxi's vir mans besluit nie.

Foto (l.n.r.): Marlene Kurlen (Medies I van Port Elizabeth). Saartjie Coetzee (S.O.D. van Smithfield), Paul Harper (B.Sc. II, Eendrag-koshuis maar afkomstig van Aberdeen in Suid-Afrika!) en Hilly Tepper (B.A. I van Parow).



KARNAVALKOMPETISIE 1974

Ten bate van die Universiteit van Stellenbosch se Karnavalfonds.



1ste PRYS:

FIAT 124 SPECIAL

Verskaf deur: SMUTS EN KOCH, (Fiat Handelaars),
Voortrekkerweg 12, Malmesbury.

2de PRYS:

1Q KUB. VT. FUCHSWARE YSKAS

Verskaf deur: FUCHSWARE SALES (CAPE) EDMS. BPK.,
Victoriaweg 344, Souttrivier, Kaapstad.

3de PRYS:

PILOT "DANCER" HI-FL. (Waarde is R260)

Geskenk deur: LEWIS STORES BPK.,
Victoriaweg 53A, Woodstock, Kaapstad.

4de PRYS:

SANYO 8071B MOTORRADIO FM/MW/SW.

Geskenk deur: AUTACS, Birdstraat 63, Stellenbosch.
U Sanyo-handelaar vir verkope en diens.

REÛLS VAN DIE WEDSTRYD

1. Die weners van die wedstryd sal die insenders wees van die eerste vier korrekte oplossings wat op 1 April oopgemaak word. Die weners sal persoonlik in kennis gestel word en hulle name sal ook in die pers verskyn.
2. Die sluitingsdatum van die kompetisie is 31 Maart 1974.
3. Alle inskrywings moet gepos word aan: DIE KARNAVALKOMPETISIE, Sanlamgebou 206, Stellenbosch.
4. Die beslissings van die beoordelaars sal finaal wees en geen korrespondensie sal oor die uitslag gevoer word nie.
5. 'n Inskrywingstooi van 50 sent moet elke inskrywing vergesel. Posorders moet aan DIE KARNAVALKOMPETISIE 1974 uitgemaak word.
6. Daar is geen beperking op die aantal inskrywings per persoon nie. Nagetekende inskrywingsvorme is welkom.
7. Lede van die Karnavalkomitee mag nie aan die kompetisie deelneem nie.

INSKRYWINGSVORM

BEANTWOORD NET DIE VOLGENDE VRAE:

Kies die korrekte antwoord (A of B of C) op elk van die volgende vrae en skryf dan die korrekte letter in die blokkie teenoor die vraag:

1. Wat word die Stellenbosse studente genoem?

- A. Maties.
B. Ikeys.
C. Tukkies.

2. Wie het Die Stem van Suid-Afrika gedig?

- A. André P. Brink.
B. Breyten Breytenbach.
C. C. J. Langenhoven.


3. Watter atleet hou die wêreldrekord oor die 1 000 meter?


- A. John van Reenen.
B. Pierre Fourie.
C. Danie Malan.

NAAM:.....

ADRES:.....

.....





U eerste stap na finansiële onafhanklikheid.

Die opening van 'n spaarrekening by Volkskas is die eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Hiervan kan duisende Volkskas-kliënte getuig, manne en vroue wat deur gereelde en planmatige besparing vandag geldelik sterk staan. Die afgelope 10 jaar het spaarfondse by Volkskas gestyg van R26-miljoen tot by die R100-miljoen!



Ook u kan die genot smaak van „geld in die bank” te hê en finansiël onafhanklik te wees. Maar dan moet u die eerste stap neem. 'n Spaarrekening by Volkskas open en gereeld 'n ietsie opsy sit. U sal verbaas wees om

te sien hoe vinnig u spaargeld aangroei. Natuurlik voeg ons elke ses maande ook nog 'n stewige bedrag rente by.

Met 'n Volkskas-spaarboekie in u sak is u nooit in die verleentheid nie. As u byvoorbeeld op reis of met vakansie is en onverwagte uitgawes het, kan u by enigeen van ons 500 kantore dwarsdeur die land — en sonder om vooraf reëlings te tref — tot R100 per dag onttrek.

Saam met spaargeriewe bied Volkskas u altesaam 38 bankdienste. Ons gratis brosjure „Weet u wat Volkskas vir u kan doen?” vertel alles daarvan.

Stap in by u naaste Volkskas. En kyk wat Volkskas alles vir u kan doen.



Volkskas Beperk

Die groot inheemse bank met die wêreld se kennis van geldsake.



As ons nie groot genoeg is om hulle te help gradueer nie, is niemand groot genoeg nie.

Die beste dinge in die lewe is nie altyd gratis nie. Dink maar aan studie.

En hoe hoër u u kinders wil laat uitstyg, hoe meer sal u die grootste, stewigste helpende hand in die land nodig kry.

Hiermee bedoel ons die United, die grootste bouvereniging in Suid-Afrika.

Honderdduisende het ons gehelp om die boonste sport te bereik. Daarom sal dit 'n genoeë wees om u kinders

by te staan. Maak nou voorsiening vir hulle opleiding. United het rotsvaste groeiplanne wat u geld dinamies vir u laat werk.


Een van ons beleggingsraadgewers sal u meer daarvan vertel. U kan hom by enige United-tak of agentskap in u omgewing besoek.

En as u en u kinders se droom die moeite werd is om voor te spaar, sal ons u help om dit te verwesenlik.

United

Bates oorskry R1 100 000 000
Reserwes oorskry R36 000 000

As ons nie groot genoeg is om u te help nie, is niemand groot genoeg nie.



'n ORGANISME

word gedefinieer

as 'n georganiseerde eenheid van onderling afhanklike lede wat in een skakel en gemeenskaplike lewe deel - soos in die nywerheid waar ondernemings in verskillende sektore onderling afhanklik en ineen-gestrenge is. Weens sy funksie is die NOK ook 'n integrale deel van die nywerheidswese in ons land.

Om sy menigvuldige verpligtings te vervul, maak die NOK, soos ander ondernemings, staat op mense. Mense met ondernemings-gees en nuwe idees om met voorstelle vir die ontwikkeling van bestaande nywerhede of die stigting van nuwe nywerhede te kom om sodoende by te dra tot die ontwikkeling van ons land en sy ekonomie. Maar die NOK maak ook staat op personeel wat bekwaam en deskundig is om sy funksies te kan uitvoer; mense opsoek na loopbane en wat bereid is om uitdaginge te aanvaar.

Navrae kan gerig word aan:

Die Sekretaris, Van Eckgebou
Johannesburg. Posbus 6905

Telefoon 836/3536. Telex 43-7715 SA


NYWERHEID- ONTWIKKELINGSKORPORASIE

VAN SUID-AFRIKA BPK

Geniet die Suid-Afrikaanse leefwyse



**Spaar en belê by die
SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING**



Permanent Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch.

Grant 2752



*Elke Sigaret
'n Meesterstuk*

Vervaardig in Suid-Afrika

VRFA191Q